Downloaded from Stanmorephysics.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 45 bladsye.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Roman | (35) |
   | AFDELING B: | Drama | (35) |
   | AFDELING C: | Kortverhale | (35) |
   | AFDELING D: | Gedigte | (35) |

3. Beantwoord die vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
| VRAAG 1: *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| VRAAG 2: *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| VRAAG 3: *Meeulanders* | 35 | 14 |
| VRAAG 4: *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 19 |
| **AFDELING B: DRAMA** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| VRAAG 5: *Poppie – Die Drama* | 35 | 23 |
| VRAAG 6: *Paljas* | 35 | 27 |
| VRAAG 7: *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 32 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | |
| **Beantwoord die vrae oor ALBEI kortverhale.** | | |
| VRAAG 8.1: "Die droom" | 18 | 36 |
| **EN** | | |
| VRAAG 8.2: "Die vlek" | 17 | 38 |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | |
| **Beantwoord die vrae oor ALBEI gedigte.** | | |
| VRAAG 9.1: "Hansworst" | 18 | 41 |
| **EN** | | |
| VRAAG 9.2: "Haar uitvaart" | 17 | 44 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | | VRAAGNOMMERS | VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (√) |
|---|---|---|---|---|
| A: | Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | | |
| B: | Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | | |
| C: | Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | | |
| D: | Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| | | | | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

Afgeslag, het hy maar 'n groot hoender se vleis en sý wip moes jy fyn stel; nie net vir die bokkie self nie, maar ook vir die boswagter.
"Julle roei die goed uit!" is die tyding op 'n dag die Bos in gestuur.
"Die man wat ons vang wat 'n bloubokkie vang, is in die moeilikheid!"
Maar jy laat nie 'n houtkapper só maklik skrik nie.

***

Vandat hy kan onthou, is Oupoot die mees gevreesde olifant in die Bos. Geen houtkapper het sonder respek van hom gepraat of sy spoor gekry en nie onmiddellik gekyk watter kant die wind waai nie.
Hy was veertien toe hy Oupoot vir die eerste keer gesien het ...
Baie dinge het met hom gebeur toe hy veertien geword het.
Die godsiekte het twee maande voor sy verjaarsdag deur die Bos getrek: ...

***

Die lig was grysvaal in die huis toe sy pa hulle kom wakker maak.
"Die engels het julle ma kom haal," het hy gesê en buitentoe geloop.

***

"Hoe gaan dit met Jozef, Sanna?"
"Sien hom selde. Maandag by die begrafnis darem gesien."

***

"...Jy't 'n mooie man geword, Saul. Nooit sê jy's van onse mense nie. Kyk jou klere, nè?"

***

Haar voete is kaal en swart en gebars.
Hoe oud sou sy wees? wonder hy.
"Ek verstaan dit nie," praat sy half met haarself. "Hulle het gesê jy sal genooit weer jou voete in die Bos sit nie en hier sit jy dan nou?"
"Ek is net vir 'n paar dae terug," sê hy en vra: " Hoe oud is jy, Sanna?"

***

Hy staan op en haal twee goue muntstukke uit sy sak en sit dit op die tafel neer. "Ek glo nie ek sal weer hierlangs kom nie, Sanna. Vra iemand om dit vir jou op die dorp te koop."

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Saul ervaar (1.1.1) ... konflik omdat sy verhouding met die bosmense nie goed is nie. Sy pa, Joram, het hom uit die bos (1.1.2) ... Saul het besluit om op die dorp vir (1.1.3) ... te gaan werk en het later self (1.1.4) ... gaan delf en so ryk geraak. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.2 Behalwe die bloubokkies, wat anders het die bosmense uitgeroei net sodat hulle kon oorleef? (1)

1.3 Wat sou met die bosmense gebeur as hulle gevang word bloubokkies vang? (1)

1.4 Watter ander naam het die bloubokkies gehad? (1)

1.5 1.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin te voltooi.

Die bloubokkie het Saul vir die eerste keer dinge omtrent die bos en sy mense laat (bevraagteken/aanvaar). (1)

1.5.2 Motiveer hoe die bloubokkie Saul se siening omtrent die bos en sy mense verander het.

Verwys na dit wat hy voor sy verjaarsdag oor die bloubokkie geglo het en wat hy op sy verjaarsdag ontdek het. (2)

1.6 Watter gewoonte het sy ma gehad om hulle verjaarsdae spesiaal te maak? (1)

1.7 Lees reëls 12–13.

1.7.1 Waarop sinspeel die "grysvaal lig" in reël 12? (1)

1.7.2 Watter stylfiguur kry ons in reël 13?

"Die engels het julle ma kom haal," het hy gesê en buitentoe geloop. (1)

1.7.3 Verduidelik die letterlike betekenis van hierdie woorde met betrekking tot Saul. (1)

1.8 Waarna verwys die "godsiekte" in reël 11? (1)

1.9 Watter advies het die bosmense gegee as olifante jou jaag? (1)

1.10 Lees reëls 16–18.

Waarom dink jy is daar 'n verskil in Saul en Sanna se voorkoms alhoewel hulle albei van die Bos is?

Verduidelik in jou antwoord wat die oorsaak van hierdie verskil is. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Die lewe is ’n skewe sirkel. In sy kajuit op die Pictor is daar van die Bos net een ding wat hy met hom saamneem: die skets wat Kate van Oupoot gemaak het.

***

“Omdat my pa my weggejaag het en ek gereken het ek sou hier geld verdien. Ek wou net drie pond bymekaargemaak het om op ’n skip te kon klim.”
“Nee, Kate, ’n mens is net ’n mens as jy baie geld het en boonop Engels is. Ek het die wêreld goed deurgekyk en dit elke keer bietjie duideliker gesien.”

***

“En nou dink jy jy kan skielik Engels wees en baie geld hê as jy op ’n skip klim?” “Nee. Miskien is dit waarom ek eintlik kwaad is. Ek werk vir jou pa soos ’n wit slaaf en al manier waarop hy my slaaf kan hou, is deur te sorg dat ek niks bekom nie en dat my taal kitchen Dutch bly.” “Jy lees dan al so mooi Engels.” “Dis nie genoeg nie, Kate! As ek nie êrens losbreek nie, gaan die moord te hoog in my ophoop!” “Jy haat my pa, nè?” het sy half bang gevra. “Ja, Kate, ek haat hom.” Sy het stadig opgestaan en weggestap. Soos ’n skoenlapper wat vlerkseer is. Hy het haar nie teruggeroep nie, hy kon nie; hy het net bly sit en die vreemde gevoel dat iets uit hom wegsypel as sy wegstap, deur hom laat spoel ... Dit wat hom laat swoeg het omdat daar ’n sewende dag is. Hy het haar nooit in daardie twee jaar aangeraak nie. Nie met sy lyf of sy hande nie. Sy was verbode soos die groot, wit huis bokant die skuur; soos die klipkerkie met die puntvensters; soos die kwartdek van elke skip wat vasgemeer het en wat die heiligdom van die kaptein en sy vriende was. Sy was verbode soos die Public Library.

1.11 Dink jy dat Saul reg opgetree het toe hy besluit het om nooit weer na die Bos terug te keer nie? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 “Die lewe is ’n skewe sirkel.” (Reël 1)

Plaas jouself in Saul se skoene. Bespreek waarom sy siening oor die lewe van die Bosmens so gepas is en hoe die houtkopers die oorsaak van hulle lewe se skewe sirkel is. (2)

1.13 Waarom dink jy het Oupoot, toe Saul hom wou skiet, hom in sirkels laat loop? (1)

1.14 1.14.1 Waarom was Kate belangrik in Saul se lewe? (1)

1.14.2 Sê waarom die onderstaande stelling WAAR is.

Saul se verhouding met Kate was ook ’n skewe sirkel. (1)

1.15 Waarom dink jy neem Saul die skets van Oupoot saam met hom op die Pictor? (1)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.16 Stem jy saam dat Saul se kringloop aan die einde voltooi is?

Motiveer jou antwoord deur na TWEE dinge te verwys. (2)

1.17 Skryf die volgende gebeure in Saul se lewe in die korrekte VOLGORDE neer:

- Saul sien die see vir die eerste keer.
- Saul sien die dorp vir die eerste keer.
- Saul sien Oupoot vir die eerste keer.
- Saul sien Kate vir die eerste keer. (4)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin te voltooi.

Die Bosmense het vir Saul as 'n (opstandeling/verraaier) gebrandmerk nadat hy deur sy pa weggejaag is. (1)

1.19 "Ek wou net drie pond bymekaargemaak het om op 'n skip te kon klim." (Reël 5)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi.

Saul wou op 'n skip klim, sluit aan by die tema ...

A geld kan geluk koop.
B geld kan respek koop.
C vryheid van die skewe sirkel.
D vryheid van familiebande. (1)

1.20 Wat het MacDonald aan Saul belowe as hy by hom, MacDonald, sou kom werk?

Noem TWEE dinge. (2)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

**2. Pampoen en Patat hinder 'n heks**

Wel, noudat ek daaraan dink, dis miskien nie nodig om Fabienne se pa 'n tandarts te maak nie. Hy kan mos iets meer opwindends wees? Ek bedoel nou nie 'n towenaar nie, maar sê nou maar iemand wat in die buitelug werk. Met 'n maandelikse salaris. Die salaris is belangrik. Iets soos 'n bosbouer of 'n wildbewaarder of so iets?

Nee. Met so 'n pa sou Fabienne nie in 'n stad kon woon nie. Sy sou iewers in die boendoes moes gaan sit en ek sou dit nie kon vat nie. Ek bedoel ek sou dit nie kon vat nie. Dis erg genoeg dat ek die volgende drie weke in die boendoes moet deurbring. Omtrent 'n uur na die naaste beskaafde dorp af! (Met beskaafde, liewe leser, bedoel ek bloot 'n plek met verkeersligte en 'n paar winkels.)

***

**3. Bloedvingers, suikervingers, groenvingers ...**

Groenvingers sal deur 'n vleisetende plant verslind word, 'n reusagtige beblaarde gedrog uit 'n oerwoed in Suid-Amerika, 'n plant wat sy wou mak maak. Op 'n dag, as sy haar groengevingerde hand uitsteek om die plant se stingel te streel, pluk die plant haar nader en sluk haar heel in.

***

En Bloedvingers sal deur 'n waansinnige pasiënt aangeval word. Wanneer hy sy hand in die man se mond steek, byt die man die tandarts se vingers vas, spring op uit die tandartsstoel en verwurg die tandarts. Hulle sê tandpyn kan jou mal maak.

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Hanna is 'n tipiese tiener wat ontevrede met haar (2.1.1) ... is, daarom skep sy haar alter-ego, Fabienne. Sy droom van 'n perfekte pa omdat haar pa (2.1.2) ... is. Hy was nooit by enige van haar (2.1.3) ... nie. Hy dra (2.1.4) ... en dit is waarom sy vir haar 'n lewe wil opmaak omdat haar vriendin, Sharon, volgens haar perfek is met perfekte ouers. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.2 "Dis erg genoeg dat ek die volgende drie weke in die boendoes moet deurbring." (Reëls 9–10)

2.2.1 Na watter plek verwys die "boendoes" waarheen Hanna en haar gesin die vakansie moes gaan? Gee die naam van die plek. (1)

2.2.2 Behalwe dat die "boendoes" ver weg was van die naaste dorp, was daar ook ander redes waarom Hanna en haar gesin die plek as negatief ervaar het.

Noem EEN rede wat spesifiek na die plek verwys en nie haar gesinslede nie. (1)

2.3 Sê in jou eie woorde watter rol Fabienne in Hanna se lewe gespeel het. (1)

2.4 "Met 'n maandelikse salaris. Die salaris is belangrik." (Reël 5)

Sê waarom die onderstaande stelling ONWAAR is.

Hanna se stiefpa, Beyers, het 'n maandelikse salaris ontvang. (1)

2.5 Waarom dink jy was dit belangrik vir Hanna dat 'n ouer of ouers 'n maandelikse salaris moet ontvang? Verwys na EEN FEIT oor haar gesin se lewenstyl of gewoontes. (1)

2.6 2.6.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi.

Tibo en Amos moes 'n kamer deel. Hulle kamer het as ... bekend gestaan.

A verwurgkamer
B strafkamer
C martelkamer
D stoeikamer (1)

2.6.2 Waarom dink jy was VRAAG 2.6.1 se antwoord die perfékte naam vir hulle kamer? (1)

2.7 Plaas jouself in Hanna se skoene. Dink jy dit sou 'n goeie idee wees dat sy en Yann 'n kamer moet deel? Motiveer jou antwoord. (1)

2.8 "Sy sou iewers in die boendoes moes gaan sit en ek sou dit nie kon vat nie. Ek bedoel ek sou dit nie kon vat nie." (Reëls 7–9)

2.8.1 Watter stylfiguur kom in hierdie reëls voor? (1)

2.8.2 Wat probeer Hanna vir ons sê deur hierdie stylfiguur te gebruik? (1)

2.9 "Dis soos ons wittebrood", het Mana ons ingelig.

Behalwe die wittebrood, om watter ander rede wou Mana hê hulle moet na die "boendoes" toe gaan? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.10 "Bloedvingers, suikervingers, groenvingers ..." (Reël 13)

2.10.1 Wat simboliseer die vingers wat in die titel van hierdie hoofstuk voorkom, in Hanna se lewe? (1)

2.10.2 Die titel van hierdie hoofstuk bevat 'n ellips. Wat is die funksie daarvan? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

**8. Hanna Hoekom word Hanna Heks**

"Sê nou sy kom nie hier uit nie?" vra Amos terwyl hy vir my en Sharon help om die tafel af te dek. Wel, eintlik help hy nie. Eintlik trippel hy net heen en weer langs die tafel. "Met watse kar ry sy nou weer?"

***

"Sê nou dit begin reën!" Yann snak na sy asem en klap sy hand oor sy mond. "Sê nou haar hare reën nat! Hy maak sy stem diep vir 'n dramatiese aankondiging: "Skakel gerus later vanmiddag weer in vir die volgende spannende episode van *Sê nou my ma is deur aliens ontvoer*!"

Amos se sproetgesig vat vlam. Sharon skaterlag, wat Yann natuurlik net verder aanhits.

***

Klink of hulle 'n *Kom ons bewonder mekaar-klub* wil stig. Ek wag dat Yann weer een van sy aanmerkings moet maak, maar hy bekyk sy ma en my vriendin met 'n idiotiese grynslag.

"Maak jou tuis, Margot," sê Mana met 'n stem wat hopeloos te vrolik klink.

"Dis nou nie juis 'n vyfster-hotel nie, maar dis darem ook nie ... te erg nie."

***

**14. Nog 'n onverwagse gas**

"Ek het nie geweet ons sal vasgereën word nie, Bey. Ek het gedog as iets gebeur, sal ek wel betyds by 'n hospitaal kan uitkom ..."

"En nou?", Beyers hap na lug soos een wat besig is om te verdrink. Ek het hom nog nooit so paniekerig sien lyk nie. "Wat nóú?"

"Wel, dit lyk nie of hierdie babatjie in 'n hospitaal gebore gaan word nie." sê my ma met 'n dapper glimlag.

"Maar waar ... wat gaan ons ... wat gaan gebeur?" stotter Tibo, amper so bleek soos Beyers. "Dis te vroeg!" kerm Beyers.

***

Beyers staar met verwilderde oë.

"Ek sal jou help, Mana." sê Margot en staan op om my ma se skouers te kom masseer. "Ek was 'n verpleegster."

"Jy was wát?"

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin te voltooi.

"Eintlik trippel hy net heen en weer langs die tafel." (Reël 3–4)

2.11.1 Amos se gedrag wys dat hy (opgewonde/teleurgesteld) is oor die persoon se koms. (1)

2.11.2 Motiveer jou antwoord vir jou keuse in VRAAG 2.11.1. (1)

2.12 "Amos se sproetgesig vat vlam" (Reël 9)

2.12.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies om die sin te voltooi.

Die woorde in reël 9 word (denotatief/konnotatief) gebruik. (1)

2.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.12.1. (1)

2.13 Verduidelik in jou eie woorde waarom hierdie hoofstuk: "Hanna Hoekom word Hanna Heks", se titel gepas is. (Reël 1) (1)

2.14 Plaas jouself in Hanna se skoene. Sou jy aanvanklik rede gehad het om nie van Margot te hou nie? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.15 "Maak jou tuis, Margot," sê Mana met 'n stem wat hopeloos te vrolik klink. (Reël 14)

Noem EEN rede waarom Mana moontlik "hopeloos te vrolik klink" teenoor Margot. (1)

2.16 Almal het Mana bygestaan tydens die geboorte van Ditjie.

Kies die KORREKTE beskrywing uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.16.1 | Beyers | A | Hierdie persoon het rustige musiek aangesit. |
| 2.16.2 | Yann | B | Hierdie persoon het nog 'n kastrol vol water getap. |
| 2.16.3 | Sharon | C | Hierdie persoon het 'n klam waslap gaan haal. |
| 2.16.4 | Gavin | D | Hierdie persoon het nog komberse gebring. |
| | | E | Hierdie persoon het seker gemaak die beligting is reg. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.17 Hanna voel dat sy 'n ingewikkelde lewe het te danke aan Mana se besluite.

Skryf nou die vier besluite wat Mana in haar lewe geneem het in die korrekte VOLGORDE neer:

- Mana besluit om haar baba Ditjie te noem omdat dit nie seksisties is nie.
- Mana besluit om met 'n man te trou wat twee kinders het.
- Mana besluit om 'n proefbuis baba te hê omdat sy nie 'n man wou hê nie.
- Mana besluit om met 'n gay man te trou om haar gesin tevrede te stel. (4)

2.18 "Wat skryf jy"?
"Niks met jou uit te waai nie."
"Jou lewensverhaal?" vra hy met 'n gevaarlike grinnik wat hom nogal soos sy ouer broer laat lyk.

2.18.1 Wie in Hanna se gesin het haar gemotiveer om haar lewensverhaal te skryf? (1)

2.18.2 Waarom kan ons sê dat hierdie persoon se gedrag ironies is?

Verwys in jou antwoord na wat vroeër en later in die verhaal gebeur het ten opsigte van Hanna se lewensverhaal en die persoon in VRAAG 2.18.1 se gedrag. (1)

2.19 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

Die verhaal eindig positief vir Hanna. (1)

**[35]**

 Downloaded from Stanmorephysics.com 

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

*MEEULAND. VRYDAG, 29 SEPTEMBER 1978*

*Was vandag die eerste maal wal toe vandat ek gekom het. Knipmes vir Daniel gekoop. Hy't saam kaai toe gery toe ons moes teruggaan, baie bly oor die mes en sy hare ruik soos bamboes toe hy dankie sê. Ronnie, Ronnie. Ek mis ons huis en ons kombuis en die eethoekie met die bak vrugte en die Hollandse sout-en-peperpotjies wat Prof vir my op op my eerste verjaardag by die Instituut gegee het. Ek mis ons stemme toe ons soggens en saans daar gesit en eet het. Wat het van ons stemme geword? Waar gaan die stemme heen wanneer dit wegraak in sterwende stiltes ... wat word van die skreeuende stemmetjie van die klein malgassie wat dood is? Hy's dood. Hy't daar gelê toe ek netnou gaan kyk het. Net die duikertjie het oorgebly. Die vreemde duikertjie. Sal die ma eendag weet dis nie haar kind nie? Eendag sal hy 'n swart duiker wees en nie 'n wit malgas nie. Sal sy dan sien hy's van 'n ander soort? Of het hy klaar haar eie kind geword toe sy hom onder haar warm vlerke ingesleep het? Ek wonder hoe hy by haar gekom het?*

3.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1) neer.

Meeuland is 'n ...

A malgas-eiland.
B broeiplek vir malgasse aan die Weskus.
C fiktiewe eiland iewers aan die Weskus.
D Guano-eiland. (1)

3.2 Noem EEN rede waarom Ryna op Meeuland is. (1)

3.3 Wie is Meeuland se kaptein/hoofman? (1)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.4 Almal op Meeuland het die burgerbandradio gebruik om met die mense op Salamanderbaai te kommunikeer.

Kies die burgerbandradionaam uit KOLOM B wat by die persoonsnaam in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.4.1 tot 3.4.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.4.1 | Jacob Langhans | A | Geelbek |
| 3.4.2 | Elsabet Langhans | B | Mama-Meeu |
| 3.4.3 | Jannerik Kuiper | C | Twilight |
| 3.4.4 | Hansie Langhans | D | Stompneus |
| | | E | Duiker |

(4 x 1) (4)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.5) neer.

In reël 5 herhaal Ryna die woorde: “Ronnie, Ronnie.”

Watter doel dien hierdie herhaling van Ryna se woorde?

A Dit wys dat Ryna van Ronnie wil vergeet.
B Dit versterk die somber atmosfeer.
C Dit benadruk dat Ryna dink.
D Dit beklemtoon dat Ryna vir Ronnie mis. (1)

3.6 Ryna het ŉ gelukkige verlede gehad.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.7 Wat beteken dit as Ryna “wal toe” gaan? (Reël 2) (1)

3.8 Die malgaskuikentjie wat dood is, is soos ŉ voorbode of voorspelling van wat op Meeuland gaan gebeur.

3.8.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie dooie malgassie simboliseer die dood van (Kinnie/Elsabet) se babadogtertjie. (1)

3.8.2 Verduidelik hoekom die “vreemde duikertjie” vir Janka simboliseer. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.9 Waarom is Elsabet ongelukkig op Meeuland?

Gee TWEE redes. (2)

3.10 Hoe het Fred Blanckenberg vir Elsabet met hierdie ongelukkigheid gehelp? (1)

3.11 Verduidelik waarom Elsabet se geluk met Fred nie baie lank gehou het nie. (1)

3.12 Het jy simpatie met die karakter van Elsabet?

Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Hansie staan in die agterdeur en kyk na die vrolike werf. Laat dit vrolik wees vandag, dink sy, want heidenland, daar lê gesweerd swaar tye voor vir Jacob. Sy kyk na Daniel wat tog nie sy twee hande van die mooie Tamara kan afhou nie. Sy kyk na Donovan, wat met wit tande lag wanneer Bernard hom afneem. Sy kyk na Jannerik wat in sy kerkpak rondstaan en net oë het vir die hek. Wat gaan tog van hom word? Wonder sy. Hy's al van gister af met al sy goed op die wal, voorlopig glo by die Bindemans. En sy kyk na Jacob wat daar eenkant by die draad staan en sy oë skrefies teen die son trek. Hy moet Maandag terug eiland toe, want hy moet nog maand uit bly vir die laaste reëlings. Ag, my kind, dink sy, Ma sal vir jou 'n bietjie rolypoly-poeding saamstuur, so by so vir die laaste.

Sy staan nog so toe die kar in die straat toet en stadig ingery kom. Op een manier het sy so gehoop Ryna kom ook, maar dis net die twee van hulle voor in die spoggerige kar: Fred en Pikkewyntjie langs hom. Dis Jacob wat die deur oopmaak en haar uittel.

3.13 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (3.13.1 tot 3.13.4) neer.

Hansie se man (3.13.1) … word in die (3.13.2) … gegooi oor sy betrokkenheid met (3.13.3) … Die persoon wat haar man by sy skelmstreke ingesleep het, is (3.13.4) … (4)

3.14 3.14.1 Wie is Jacob se grootste vyand? (1)

3.14.2 Gee TWEE redes waarom hy Jacob se vyand is. (2)

3.15 Skalla was betrokke by verskillende misdade. Skryf nou sy betrokkenheid aan misdaad in die korrekte VOLGORDE neer:

- Skalla wil vir Ryna doodmaak omdat sy hom herken het.
- Skalla was betrokke by Ryna se man en kind se dood.
- Skalla is in 'n boot en skiet sy rewolwer in die rigting van die jettie.
- Skalla het vir Magrietjie du Plessis verkrag en sy het in Stikland beland. (4)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.16 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.16) neer.

Die rede waarom Hansie op hiérdie dag so vrolik is, is omdat …

A Doreen weer begin skoolgee het.
B Janka huis toe gaan kom.
C Jacob weer liefde gevind het.
D Fred vir Jacob se borgtog betaal het. (1)

3.17 Waarom is daar swaar tye wat vir Jacob voorlê?

Verwys na TWEE negatiewe dinge wat aan die einde van die verhaal met hom gebeur het. (2)

3.18 Stem jy saam dat Hansie baie vergewensgesind is? Motiveer jou antwoord. (1)

3.19 Dink jy dat dit reg was dat Ryna vir Fred vertel van Janka en die omstandighede rondom haar geboorte? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

3.20 "Ag, my kind, dink sy, Ma sal vir jou 'n bietjie rolypoly-poeding saamstuur, so by so vir die laaste." (Reël 12–13)

Wat is die funksie van die woorde: "Ag, my kind," ? (1)

3.21 Plaas jouself in Ryna se skoene. Dink jy sy het rede gehad om gelukkig te wees aan die einde van die verhaal? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Hulle kom Vrydae vroeër uit en sy en Wouter sit by hulle tafel buite die Wimpy vir ŉ vinnige koffietjie voordat sy by Creations moet begin.
Soos sy verwag het, is hy in sy skik met haar rol in die toneelstuk.
"As dit nie met my ekstra Wiskunde-klasse gebots het nie, sou ek julle *gejoin* het," sê hy terwyl hy ŉ pakkie suiker in sy koffie gooi.
Hulle praat oor die vakansie wat oor twee weke begin. Wouter en sy suster gaan by hulle pa in Bloemfontein kuier. Lien kan sien Wouter is opgewonde oor die trippie Bloemfontein toe.
"Jy mis jou pa."
Hy glimlag verleërig. "Soort van. Die ding is dat ek en Yvette nie vir hom kan kwaad wees soos my ma nie."
Hy skeur repies van die leë suikerpakkie af en rol dit in bondeltjies wat hy in die asbak gooi.
"Sy verstaan dit nie. Hy't ons mos *gedrop*. Ons is almal veronderstel om hom te haat totdat die Bafana Bafana eendag die Sokkerwêreldbeker wen."
"Hou julle van sy nuwe vrou?"
Wouter kyk weg en skeur nog ŉ suikerkoevertjie oop.
"Nogal, al het ons aan die begin hard probeer om nié van haar te hou nie. Sy is baie mal oor my pa en ek dink hy *like* dit baie dat iemand mal is oor hom. Ek dink nie my ma was ooit nie ..."

4.1 "Hulle kom Vrydae vroeër uit en sy en Wouter sit by hulle tafel buite die Wimpy vir ŉ vinnige koffietjie voordat sy by Creations moet begin." (Reëls 1–2)

4.1.1 Na watter plek verwys "Creations" waarheen Lien op pad is? Gee die volle naam van die plek. (1)

4.1.2 Noem TWEE dinge wat deel van Lien se werkspligte by Creations uitmaak. (2)

4.2 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.2.1 tot 4.2.4) neer.

Lien het eers as ŉ (4.2.1) .... by Tant Malie se Tuin gewerk. Nadat dit nie uitgewerk het nie stel Tannie Bets voor dat Lien met (4.2.2) .... van woonstel 401 gaan praat oor die werk by Creations. Lien werk in Sue-Ellen se plek terwyl sy op (4.2.3) .... is. Sy verdien (4.2.4) .... per middag. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.3 "Soos sy verwag het, is hy in sy skik met haar rol in die toneelstuk." (Reël 3)

Lien het uit haar eie vir die oudisie gegaan.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.4 Waarom dink jy was Wouter so bly dat Lien 'n rol in die toneelstuk gekry het? (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

"Die ding is dat ek en Yvette nie vir hom kwaad kan wees soos my ma nie." (Reëls 10–11)

Hierdie woorde van Wouter sê vir ons dat dinge tussen sy ouers steeds ... is.

A ontspanne
B ongemaklik
C gespanne
D vreedsaam (1)

4.6 "Jy mis jou pa." (Reël 9)

4.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Wouter en Yvette (is steeds ontsteld oor/het vrede gemaak met) hul ouers se egskeiding. (1)

4.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.6.1. (1)

4.7 4.7.1 Gee EEN woord om Lien se gesin te beskryf. (1)

4.7.2 Verduidelik waarom Lien se gesin só is. (1)

4.8 Stem jy saam dat Wouter en Yvette se omstandighede tipies van die meeste tieners is? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

4.9 Waarom is Wouter die enigste vriend wat die waarheid omtrent Lien se pa weet? (1)

4.10 Bespreek die effektiwiteit van al die Engelse woorde soos "gejoin" en "like" wat Wouter in hierdie uittreksel gebruik. (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

"Hoe gaan dit met Braam?" vra haar ma oplaas.

"Aag, Ma weet mos. Dit gaan altyd goed met Braam. Hy is 'n *survivor*. Hy het nogal 78% vir sy laaste Wiskunde-toets gekry," probeer Lien lighartig geselskap maak. "En dit gaan goed by die huis. Gerhard ... uhm ... die predikant en die kerk help en tannie Bets dra potte vol kos aan. Ons ly nie honger nie."

Haar ma tuur na iewers agter in die tuin. Die middag is loom. Lien hoor 'n gelag uit die rigting van die stoep. Af en toe hoor sy 'n kar in die straat voor die kliniek verbyry. Bye zoem oor die blombedding langs die visdam. Sy hoor die geluid van die sproeiers op die grasperk langs die paadjie.

"En met jou?" vra haar ma ná 'n rukkie. Lien ignoreer die vraag.

Haar ma klink anders. Hoe anders, weet sy nog nie. Sy is net iewers ver waar Lien nie kan bykom nie.

"Is dit erg hier?"

"Die heel ergste was die eerste dag," sê haar ma ingedagte. "Hulle het in al my goed gekrap, tot in my onderklere, om 'n ou skelm doppie te soek. En hier is geen genade nie. Niemand het vir niemand 'n geheim nie en niemand kan 'n *pose* vir niemand hou nie. Almal is gelyk."

4.11 Waar is Lien en haar ma in hierdie uittreksel? (1)

4.12 4.12.1 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies:

(Gerhard/Tannie Bets) het Lien gebring om haar ma te besoek. (1)

4.12.2 Dink jy dat hierdie besoek vir Lien benoud laat voel? Motiveer jou antwoord deur TWEE feite te noem. (2)

4.13 Die volgende gebeure het 'n rol in Lien se lewe gespeel. Kies die gevolge uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.13.1 tot 4.13.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.13.1 | Christien is aangeklam en gaan slaap in haar werksklere. | A | Lien gaan skuil in die skool se biblioteek en raak jaloers. |
| 4.13.2 | Wouter gesels met die ander kinders by die skool. | B | Lien storm klavier toe en speel die "Blou Donau" kliphard. |
| 4.13.3 | Lien en Agnes bots by die kombuis se swaaideur. | C | Lien gooi haar Wiskunde-boek onder die bed in. |
| 4.13.4 | Lien konfronteer haar ma omdat sy nie meer die klavier speel nie. | D | Lien hang haar voorskoot op en bedank. |
| | | E | Lien maak self Braam se skoolbroek reg. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.14 Tannie Bets tree as ouers op vir Lien en Braam terwyl Christien in die kliniek is.

Noem TWEE dinge wat tannie Bets vir die kinders gedoen het. (2)

4.15 Ons kan met die karakter van Christien Jooste simpatiseer.

Verduidelik waarom jy met hierdie stelling saamstem/nie saamstem nie. Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

4.16 "Die heel ergste was die eerste dag," sê haar ma ingedagte. (Reël 14)

Waarom het Christien gesê dat dit die ergste dag was? (1)

4.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.17) neer.

Dit lyk asof Lien ŉ poging aanwend om haar ma te vergewe deur ...

A met haar ma te gesels.
B vir haar ŉ CD van Chopin se klavierkonserte te gee.
C vir haar ŉ drukkie terug te gee.
D langs haar ma op die bankie te sit. (1)

4.18 Waarom dink jy was dit belangrik vir Christien om vir Lien te kon sien? Noem TWEE redes. (2)

4.19 Gee TWEE feite waarom Lien se gesin tog ŉ gelukkige einde in die roman het. Dink aan wat die leser in die naspel kan aflei. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

HOEDJIE. Dit was daai tyd dat Poppie se mama van die Aar gekom het waar sy by witmense gewerk het om eers by Ouma te kom rus.

PLANK. Sy het vir Ouma vertel dat die pa van haar kinders in die oorlog afgedood het.

MAMA. ... vir hom het ek nie trane nie. Kom, Poppie.

***

MOSIE. Eers was ons nie tevrede dat ons suster met die Kaffer-landse man gaan trou nie, ons het gehoor van die swarigheid van die land, maar toe hulle sin in mekaar kry, het ons nie in hulle se pad gestaan nie.

***

MAMA. Stone het ’n jaar gevat om die lobola af te betaal. Ek het met die lobola-geld haar trougoed begin koop ...

***

STONE. Vier maande ná die verlowing het ons getrou, op ’n Woensdag sodat die predikant uit die Kaap kon kom. Die troue het twee dae aangehou en die mense het uit die werk gebly om te kom bruilof vier.

***

MOSIE. Die tweede dag het hulle haar weer aangetrek in haar wit klere, haar hare gekam en haar reggemaak soos sy die eerste dag was.

PLANK. Die troue is vandag by die skoonmense se huis.

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

Mama Lena wou nie haar man gehad het nie, maar hy het agter haar (5.1.1) ... toe getrek omdat hy verlief was. Hy was glad met die (5.1.2) ... en het groot (5.1.3) ... betaal. Toe hulle uitvind van sy sterfte het hulle nie trane vir hom gehad nie omdat hy nie ’n goeie (5.1.4) ... vir Poppie-hulle was nie. (4)

5.2 “Poppie se ander naam, wat beteken ’n meisie uit ’n geslag van groot vroue”, het simboliese betekenis gehad.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. Noem TWEE dinge wat na Poppie se vele swaarkry verwys. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.3 Watter ooreenkoms word in reëls 1–2 tussen Poppie en Ma Lena uitgelig? (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ma Lena se man het as ’n (lorriedrywer/bevelvoerder) vir die oorlog gewerk. (1)

5.5 Watter taal wou ouma Hannie hê moes Poppie-hulle praat? (1)

5.6 Waarom dink jy het Poppie genoeg rede gehad om met Stone te trou?

Motiveer jou antwoord deur na sy voorkoms of EEN karaktereienskap te verwys. (1)

5.7 “Eers was ons nie tevrede dat ons suster met die Kaffer-landse man gaan trou nie, ons het gehoor van die swarigheid van die land, ...” (Reëls 6–7)

Watter swarigheid het Poppie later in haar lewe ervaar omdat sy met Stone getrou het? Noem TWEE dinge. (2)

5.8 Watter bewys is daar in die uittreksel dat Stone nie ’n goeie salaris/loon ontvang het nie? (1)

5.9 Noem TWEE dinge wat Mama Lena met die lobola-geld gekoop het. (2)

5.10 Wat moes Stone self koop? (1)

5.11 Watter klere moes Poppie dra, na haar wit klere, omdat sy ’n jong bruid was? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

*Hulle sing die bruiloflied.*

POPPIE. Wat het ek nou gedoen? Bhuti Plank, Hoedjie, Mosie, waar's julle? Julle het my hier gelos.

***

POPPIE. Ek het dadelik mos swanger geword. Ek was mos dom.

***

PLANK. Toe gaat hy na 'n igqira, 'n herbalist, en die man het hom 'n medisyne gegee, hulle sê daarvoor ukugapa.

****

JAKKIE. As dit die witmense pas, dan tel die wet nie.

MAMA. (*stoot Jakkie weg*) Dis goed, Poppie, dat jy huis toe kan kom na ons toe sonder die bang dat jy op die bus of in die strate gevang sal word.

MOSIE. Dit was nou twee jaar dat Poppie laas haar kinders gesien het. Toe Mrs Swanepoel met Kersfees na haar dogter gaan, gee sy vir Poppie ook af. Poppie het op die trein geklim na Herschel toe waar Nomvula en Thandi by haar skoonouers gebly het.

***

VIERDE TONEEL

POPPIE. Dit was in '76 toe die moeilikheid van Soweto Kaap toe kom.

*Kinders op 'n ry van agter. Strepe baie helder lig van weerskante. Kinders dreigend vorentoe terwyl julle veglied sing. Dan storm hulle en "gooi klippe" in gehoor. Retireer. Een polisieman kom deur ouditorium tot voor kinders. Sy rug na gehoor. Kinders kom nader, gereed om te gooi. Polisieman rig pistool. Lang stilte met kinders reg om te gooi en polisieman reg om te skiet. Byklank: Geluid van asemhaling ongeveer sewe sekondes lank. Kinders gooi. Polisieman skiet. Almal val. Lig verander na koue blou. Kinders staan op – behalwe een. Singend dra hulle hom af. Lig uit.*

5.12 *"Hulle sing die bruiloflied."* (Reël 1)
Waarom word hierdie woorde in skuinsdruk geskryf? (1)

5.13 "Wat het ek nou gedoen? Bhuti Plank, Hoedjie, Mosie, waar's julle? Julle het my hier gelos." (Reëls 2–3)

5.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Poppie se woorde in hierdie reëls dui op (innerlike/uiterlike) konflik. (1)

5.13.2 Dink jy dat Poppie rede gehad het om hierdie konflik te ervaar? Noem TWEE redes vir jou antwoord. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.14 Poppie het reeds vroeg in haar huwelik 'n tragedie ervaar.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

5.15 Poppie se lewe was deur verskillende vroue beïnvloed.

Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die vrou in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.15.1 tot 5.15.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.15.1 | Mamma Lena | A | Hierdie persoon het Poppie oor die Xhosa-geloof geleer. |
| 5.15.2 | Mrs Retief | B | Die werk by hierdie persoon was ongemaklik. |
| 5.15.3 | Ouma Hannie | C | Hierdie persoon was Poppie se strooimeisie. |
| 5.15.4 | Mrs Scobie | D | Poppie moes ophou skoolgaan om na hierdie persoon se kinders om te sien. |
| | | E | Hierdie persoon het Poppie help werk kry. |

(4 x 1) (4)

5.16 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die regte VOLGORDE neer:

- Stone gaan werk in die dairies in Phillippi sodat hy 'n permit kan kry.
- Stone skryf liefdesbriefies aan Poppie.
- Stone raak siek en moet hospitaal toe gaan.
- Stone wou nie meer alleen in Lambertsbaai bly nie en neem 'n trein Kaap toe. (4)

5.17 Plaas jouself in Stone se skoene. Dink jy dit was 'n goeie idee om na die "herbalist" toe te gaan? Motiveer jou antwoord. (1)

5.18 5.18.1 Sê of die volgende stelling 'n feit of mening is.

Poppie was 'n goeie ma vir haar kinders. (1)

5.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.18.1 (1)

5.19 Is Jakkie se stelling oor witmense geldig in die konteks van die verhaal? (Reël 7) Motiveer jou antwoord. (1)

5.20 "POPPIE. Dit was in '76 toe die moeilikheid van Soweto Kaap toe kom." (Reël 16)

Dink jy dat Poppie se vergelyking van wat in '76 in Soweto gebeur het en dit wat in die Kaap gebeur het, gepas is? Motiveer jou antwoord. (1)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *Paljas* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

2. Hendrik en Katrien se slaapkamer. Die eerste oggendlig val deur die venster. Katrien klim uit haar enkelbed en maak klein Willem toe wat in dieselfde bed lê. Sy sit ŉ oomblik vir die vertrek en kyk – ook vir die slapende Hendrik op die enkelbed oorkant haar. Die lig val effens oor sy gesig.

***

KATRIEN: Hendrik, los die kind. (*Hy hoor nie; of wil nie hoor nie: hy sit nog steeds en staar.*) ... Hendrik!
HENDRIK: Wat maak ek?
KATRIEN: Los hom net.

Die hele gesprek vind plaas sonder dat Katrien een keer omkyk. Maar op haar gesig is iets soos pyn of dalk frustrasie.

***

11. Hendrik is op die stasieperron besig met iets. Willem gaan staan tien meter van sy pa en wuif vir hom.

HENDRIK: O nee, nie so nie. Sê! (*Die kind hou aan wuif met ŉ oop handpalm.*) Sê, Willem. (*Dringend, maar nie onvriendelik nie*.)
Sê "tot siens, Pa".

Die kind sien die goudgeel skoolbus aankom. Hy wys vir sy pa.

***

12. ... Dan, haastig, spoel sy haar hande onder die kraan af, gryp ŉ vadoek en vee haar knieë skoon, gooi die vadoek in die opwasbak, haal haar voorskoot af en gooi dit oor ŉ stoel en probeer met haar ander hand die los hare voor haar gesig wegdruk.

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Die McDonald-gesin bly in ŉ spoorweghuis by die treinstasie (6.1.1) ... Katrien voel asof sy op hierdie treinstasie (6.1.2) ... word. Een oggend daag ŉ (6.1.3) ... by Hendrik se stasie op. Die seuntjie, Willem, vorm ŉ hegte band met die (6.1.4) ..., Manuel. (4)

6.2 Hendrik McDonald se treinstasie is groot en suksesvol.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. Noem TWEE feite wat na Hendrik se treinstasie verwys. (2)

6.3 Watter leidraad is daar in reëls 1–5 dat Hendrik en Katrien huweliksprobleme het? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.4 6.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hendrik luister gereeld na ou musiekplate op sy (draadloos/ platespeler). (1)

6.4.2 Wat simboliseer hierdie ou, nostalgiese musiek waarna Hendri luister? (1)

6.5 Watter musiekplaat was Hendrik se gunsteling om na te luister? (1)

6.6 Waarom kan jy verstaan dat Katrien dit moontlik oorweeg het om ʼn buite-egtelike verhouding met iemand te begin?

Motiveer jou antwoord met TWEE feite deur na haar sukkelende huwelik met Hendrik te verwys. (2)

6.7 6.7.1 Wie is smoorverlief op Katrien? (1)

6.7.2 Watter bewyse is daar om te motiveer dat hierdie persoon wel verlief op Katrien is? Noem TWEE dinge. (2)

6.7.3 Noem TWEE dinge wat hierdie persoon gereeld vir Katrien gebring of gekoop het. (2)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

122. Vier of wat van die ander jagters hardloop almal na ŉ bakkie toe en spring in en ry. Op die agtergrond hardloop die nar met die fiets. Hy sien hulle pyl met mening op hom af; hy gooi die fiets weg, swaai om en hardloop in ŉ ander rigting.

123. Willem hardloop koes-koes tussen die bome. En dit lyk soos dieselfde stuk veld.

124. Die bakkie rem woes; almal spring uit en lê aan met die gewere. ŉ Paar skote klap gelyk.

PIETA: Vuilgoed!
JAN MOL: Ek het hom!
PIETA: As jy my vra, was dit ŉ kopskoot.
JAN MOL: Toe maar, ons het Dominee aan ons kant.

Hulle draf nader.
Hendrik kom van ŉ ander kant af nader gehardloop.
Hy het Sakkie se geweer by hom. Hy is eerste by die hopie mens in die gras. Hy buk oor hom.
Op die agtergrond kom die jagters aangedraf.
Hendrik kyk om. Hy kom regop en staan hulle en inwag. Die jagters gaan staan, want hoewel Hendrik nie op hulle aanlê nie, is sy vinger op die sneller: hy hoef net die geweer te lig.

JAN MOL: Gee pad daar.
HENDRIK: Wie't geskiet?
JAN MOL: Ek het geskiet. Gee pad daar of ek –

Hendrik lig sy geweer net effens.

HENDRIK: Of wat? (*Op die agtergrond kom Katrien vervaard aangehardloop. Maar sy steek nou vas. Hendrik kyk in die rigting waarin sy kyk. Dis Willem wat twintig tree agter Hendrik staan.*) Willem. Swernoot. Kom hier.

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.8 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die regte VOLGORDE neer:

- Hendrik sê vir Frans dat mense stories van hom en Katrien aandra.
- Hendrik dans met Katrien.
- Hendrik en Katrien baklei langs die pad oor haar oorbelle.
- Katrien sê vir Frans hy moet ophou om goed vir haar te bring. (4)

6.9 Dink jy dit was 'n goeie idee van Manuel om na die kerkdiens toe te gaan? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

6.10 6.10.1 Sê of die volgende stelling 'n feit of mening is.

Die gemeentelede het Manuel sleg behandel. (1)

6.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.10.1. (1)

6.11 Wat sou jy anders gedoen het as Manuel by jou kerk ingestap het, en jy die dominee of ouderling was? (1)

6.12 Watter lewensles leer ons van Manuel in Paljas? (1)

6.13 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.13) neer.

Die rede waarom die dominee gevra het dat Manuel van die kerk verwyder moes word, is omdat die dorpsmense gedink het dat Manuel se toertjies 'n voorbeeld van ... was.

A duiwelskuns
B beeldende kuns
C grafiese kuns
D moderne kuns (1)

6.14 "Toe maar, ons het Dominee aan ons kant." (Reël 12)

Wat lei jy uit Jan Mol se woorde af? (1)

6.15 6.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ons kan sê dat die gemeentelede se gedrag in hierdie uittreksel (vredeliewend/veroordelend) is. (1)

6.15.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 6.15.1. (1)

6.16 Wat word van Manuel ná die geskietery? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.17 Die McDonalds se lewe het uit verskillende ruimtes in die Karoo bestaan.

Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die ruimte of plek in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.17.1 tot 6.17.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.17.1 Die skoolwerf | A Die enigste plek waar Hendrik in beheer is. |
| 6.17.2 Die stasiekantoor | B Die plek waar Manuel vir Willem toertjies leer. |
| 6.17.3 Die voorstoep | C Die plek waar Nollie saam met Hendrik na musiek luister. |
| 6.17.4 Die ou, verlate skuur | D Die plek waar Emma weer begin klavier speel. |
| | E Die plek waar Willem afgeknou en gekoggel word. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

LANGE: Maar dit het jou nie die reg gegee om hom te hou nie.

***

DIKKE: Wag, vrou, die kind van wie ek praat, het hier agter in Kom-se-bos weggeraak. Ek onthou die hele ding nou al hoe helderder. As jy van hier af, reguit oor die berg, 'n lyn sou trek, sweer ek jy kom net mooi agter in die Bos uit waar die kind weggeraak het.

***

FIELA: Los die kind!

DIKKE: Ek sal nie aan hom raak nie, vrou. Dis 'n mooi skuitjie, het jy hom self gemaak? Oom vra maar net, oom is baie lief vir skuitjies. Het jy hom self gemaak?

BENJAMIN: My pa het my gehelp, baas. (*Die lange en die dikke kyk vinnig na mekaar oor die "baas".)*

***

MAGISTRAAT: Ek verbied jou om naby die kind te kom! Ek sal vandag nog aan die magistraat op Uniondale skryf om jou te laat dophou, en om stappe teen jou te neem as jy enige moeilikheid veroorsaak.

*Ligte begin uitdoof.*

FIELA: (*op band*): Eerste het die woorde my getref, toe wat dit beteken, en toe die skrik en die verslaenheid en die magteloosheid.

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Die twee (7.1.1) ... was geskok toe Benjamin vir hulle baas noem omdat hy 'n (7.1.2) ... kind was. Benjamin kon nie onthou hoe hy by Fiela-hulle gekom het nie omdat hy net (7.1.3) ... jaar oud was toe Fiela-hulle hom een aand voor hulle (7.1.4) ... gevind het. (4)

7.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin te voltooi.

As kind het Selling vir Benjamin 'n skuitjie gemaak en as volwassene het hy vir hom geleer hoe om (vis te vang/te roei). (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.3 "LANGE: Maar dit het jou nie die reg gegee om hom te hou nie." ( Reël 1)

7.3.1 Sê watter tema van die verhaal word deur "Lange" se woorde uitgelig. (1)

7.3.2 Noem EEN ding wat Fiela volgens Lange en Dikke kon gedoen het om uit te vind aan wie Benjamin behoort. (1)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

Volgens Fiela het sy dorp toe gegaan om die veldkornet oor die kind in te lig, maar sy kon hom nie in die hande kry nie omdat ....

A hy na 'n kind se doop toe was in 'n ander dorp.
B hy weg was Knysnabos toe agter olifantjagters.
C hy weg was Dugas toe agter skaapdiewe.
D hy agter by die see was. (1)

7.5 Waarom, sal jy met Fiela kon saamstem dat Benjamin nie die kind is wat in Kom-se-bos weggeraak het nie? Noem TWEE redes. (2)

7.6 "DIKKE: Wag, vrou, die kind van wie ek praat, het hier agter in Kom-se-bos weggeraak." (Reël 2)

7.6.1 Van watter kind praat Dikke? (1)

7.6.2 Beskryf in jou eie woorde hoe die weersomstandighede bygedra het tot die kind se wegraak in Kom-se-bos. (1)

7.7 Plaas jouself in Benjamin se skoene.

Waarom sou dit later vir hom moeilik wees om vir Elias as pa aan te spreek? Verwys na Elias se optrede teenoor Benjamin/Lukas in jou antwoord. (1)

7.8 Dink jy dat dit reg was van die magistraat om vir Fiela te verbied om naby Benjamin te gaan? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

7.9 Watter finaliteit moes Fiela na haar besoek aan die magistraat aanvaar? (1)

7.10 Fiela tree later as besorgde ma op.

Wat het sy gedoen om aan Benjamin te bewys dat sy hom nie vergeet het nie, ten spyte van die magistraat se waarskuwing? (1)

7.11 Wie het moontlik vir Fiela gehelp om uit te vind waar Benjamin was? (1)

7.12 "FIELA: (*op band*): Eerste het die woorde my getref, ..." (Reël 17)

Wat impliseer die woorde "(*op band)"* wat tussen hakies en skuinsgedruk is? (1)


Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

KAPP: Die magistraat wil weet of die kind tevrede is by julle en of hy aanpas?

Barta *bring twee bekers koffie op.*

ELIAS: Tevrede? Hoe sal die kind dan nie tevrede wees nie? Barta, *mister* Kapp vra of Lukas tevrede is.
BARTA: Hy's gesond en tevrede, *mister* Kapp!
ELIAS: (*terwyl sy wegstap):* Bring vir ons elkeen 'n patat ook, Barta. *Mister* Kapp het ver gekom. (Barta *af*) Die vrou is nog daagliks aangedaan oor die kind se terugkeer; dit lyk vir my sy is bang dis dalk nie waar nie. Ons het juis laas week eers agtergekom dat Lukas kan lees en skryf. Barta sê hy moet die meisiekind van ons ook leer. Sy is 'n slimme kind. Haar kop is nie stomp nie.

***

LUKAS: Wie was by haar?
ELIAS: 'n Opgeskote seun, net so blerrie uit sy pad as sy.
LUKAS: Laat my verbykom!
ELIAS: Jy bly waar jy is!
LUKAS: Laat my verbykom, asseblief!
ELIAS: Ek sal die osriem vir jou vat en nie ophou voor die laaste bruingeid uit jou uit is nie. Jy was net mooi op pad om weer wit mens te word en wit mens sal jy bly!

7.13 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Elias verloor 'n kombers toe die olifante hom wou vertrap.
- Elias stuur Nina Knysna toe om te gaan werk.
- Elias forseer Benjamin om hom pa te noem.
- Elias beplan om tweedehandse sinkplate te koop om hulle boshuis reg te maak. (4)

7.14 Watter werk het meneer Kapp gedoen? (1)

7.15 Haal EEN woord uit die uittreksel aan wat sê wat hulle gereeld geëet het. (1)

7.16 Dink jy dat Lukas beter omstandighede by Fiela-hulle gehad het as die Van Rooyen se kinders? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

7.17 "BARTA: Hy's gesond en tevrede, *mister* Kapp!" (Reël 6)

7.17.1 Waarom is dit beter vir Barta om vir meneer Kapp te lieg? (1)

7.17.2 Watter ander leuen omtrent Lukas/Benjamin het sy voorheen aan die owerhede vertel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.18 Dink jy dat Benjamin maklik by die Van Rooyens aangepas het? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord deur TWEE feite te noem. (2)

7.19 "Haar kop is nie stomp nie." (Reël 12)

7.19.1 Van wie praat hulle hier? (1)

7.19.2 Gee EEN rede waarom die taalgebruik in hierdie sin by 'n houtkapper pas. (1)

7.19.3 Wat impliseer hierdie woorde oor die persoon waarvan hulle praat? (1)

7.20 "LUKAS: Wie was by haar?" (Reël 13)

7.20.1 Na wie verwys die "haar" in hierdie sin? (1)

7.20.2 Waar het hierdie persoon gewoon? (1)

7.21 "Jy was net mooi op pad om weer wit mens te word en wit mens sal jy bly!" (Reël 19–20)

Hoekom is hierdie woorde ironies as 'n mens Lukas se keuse in die slottoneel van hierdie drama in aanmerking neem? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **"DIE DROOM" – P. Olivier**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

> "Theunis soebat my om nie te gaan nie, maar ek weet ek moet. Iets binne-in my dryf my."
> Oom Jaap sit gefassineerd en luister. Wie sou die meisie wees? Rienie ... Rienie wie?
> Die kelner begin tee bedien en die meisie bly stil, kyk weer by die venster uit, sien hoe swaar wolke hul donker skaduwees oor die veld werp. Blitse flits en die donder rammel naby. Oom Jaap geniet sy tee en toebroodjies. Hy sien die meisie pik-pik maar net en sy is reeds so ’n skrale ou dingetjie. In sy jongdae was daar darem iets om ’n vat aan te kry, nie dat hy erg had aan oorgewig meisies nie...
>
> ***
>
> Oom Jaap dommel in, daar is iets wat hy wil sê, nee moet sê, maar die slaap oorrompel hom. Later ... later, maar hy moet onthou, dis be ...lang ...rik. Die meisie kyk uit oor die donker vlaktes waar die reën onverpoos neersuis.
> "En toe?" por Jaco.
> "Laasnag is ons toe op die bus en ek het hierdie gevoel van dreigende onheil." Sy kyk vlugtig in sy oë en toe weer weg.
> "Asof iets vreesliks gaan gebeur."
> "Miskien droom jy nie weer nie."
> Sy knik. "Ek is bang om te slaap," fluister sy.

8.1.1 "Theunis soebat my om nie te gaan nie, maar ek weet ek moet." (Reël 1)

(a) Na wie verwys die "my" van wie Rienie in hierdie reël droom?

Gee die persoon se naam of bynaam. (1)

(b) Noem TWEE van die dinge wat hierdie persoon en Theunis graag gedoen het wanneer hulle tyd saam deurgebring het? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.1.2 "Blitse flits en die donder rammel naby." (Reël 7)

(a) Watter stylfiguur kry ons in hierdie reël? (1)

(b) Haal TWEE woorde uit die uittreksel aan wat aansluit by die donderweer en wat jou as leser voorberei dat iets sleg of tragies moontlik gaan gebeur. (1)

8.1.3 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.3 (a) tot 8.1.3 (d)) neer.

Oom Jaap is per bus op pad (8.1.3) (a) ... toe. Hy het besluit om 'n nuwe avontuur te begin aangesien hy (8.1.3) (b) ... voel nadat sy vrou (8.1.3) (c) ... jaar gelede in haar slaap (8.1.3) (d) ... het. (4)

8.1.4 Dink jy dit is 'n goeie idee dat Oom Jaap besluit het om met Julia te trou? Ja of Nee. Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

8.1.5 Skryf die volgende vier gebeure in Rienie se droom in die korrekte VOLGORDE neer:

- Maria se ma word siek en haar pa oorreed haar om te bly.
- Maria ontmoet vir Theunis en raak verlief.
- Maria wil weg gaan om te studeer omdat iets haar dryf.
- Maria ervaar eensaamheid op die plaas omdat haar ouers nie graag by ander kuier nie. (4)

8.1.6 "Oom Jaap dommel in, daar is iets wat hy wil sê, nee moet sê, maar die slaap oorrompel hom". (Reël 12–13)

As jy in oom Jaap se skoene was, hoe sou jy teenoor die meisie opgetree het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

8.1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die rede waarom die seun aan die begin van die verhaal so stadig met oom Jaap praat, is omdat hy dink oom Jaap is (oud/doof). (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2 **"DIE VLEK" – P.Nell**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Almal wat naby die vlek kom, word aangetas. Die minister van Stads- en Wanadministrasie versoek die burgers om nie die rampgebied te besoek nie, om alternatiewe roetes na en van hul werk te volg. En toe, terwyl die kameras nog op die vlek fokus, verdwyn dit netso skielik as wat dit verskyn het. Die mense bedaar, die nare simptome klaar op en die lewe gaan aan. Maar dae daarna lewer wetenkaplikes nog kommentaar. Verduidelikings word gesoek, verklarings word gemaak. Die meeste mense op straat skud egter net hulle koppe en sê hulle hoop die vlek is vir altyd weg.

***

Wetenskaplikes, filosowe en ander geleerdes hou konferensies om te probeer uitpluis hoe die voordele van die vlek benut kan word en of die nadele uitgeskakel kan word. Maar eers moet bepaal word wat die vlek is en waar dit vandaan kom. Die bedoeling daarvan. Verkeerskonstabel Harms is so oorwerk dat hy nooit tyd het vir nuusuitsendings nie en vergaderings is vir die versamelvoëls. Koerante deug net vir een ding en dis die komposhoop, wondere wat die drukkersink vir die koolplante doen. Hy ken sy werk, niemand kan hom van iets van verkeer vertel nie. Hy voel-voel aan sy pistoolsak, geen verkeersman kan dit meer op straat waag sonder 'n vuurwapen nie, ...

***

Die vlek roer effens, word vaer en vaer en verdwyn om nooit weer gesien te word nie.

8.2.1 "Die vlek roer effens, word vaer en vaer en verdwyn om nooit weer gesien te word nie." (Reëls 21–22)

(a) Wie het finaal van die vlek ontslae geraak? (1)

(b) Hoe het hierdie persoon permanent van die vlek ontslae geraak? (1)

(c) As jy in Henry se skoene was, waarom sou jy kwaad wees teenoor die persoon in VRAAG 8.2.1 (a) wat permanent van die vlek ontslae geraak het? (1)

8.2.2 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Verkeerskonstabel Harms was altyd 'n goeie rolmodel. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.3 "Almal wat naby die vlek kom, word aangetas." (Reël 1)

Beskryf EEN negatiewe en EEN positiewe effek wat die vlek op verskeie mense gehad het. (2)

8.2.4 "Die minister van Stads- en Wanadministrasie versoek die burgers om nie die rampgebied te besoek nie." (Reëls 1–2)

Kies die verskillende rampgebiede waar die vlek verskyn het in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.4 (a) tot (8.2.4 (d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Henry ervaar alles wat hy sien as ongelooflik. | A Die Zuma-Zuma hospitaal. |
| (b) Die president se lyfwagte pluk wapens uit. | B In die Wes-Kaap. |
| (c) Die woede kook deur verkeerskonstabel Harms. | C Die aand van die kunstefees. |
| (d) Administratiewe personeel smyt apparaat deur toe vensters. | D Die groot blerts teen die wolkekrabber. |
| | E Die megatonwinkel oorkant die Brouerygebou. |

(4 x 1) (4)

8.2.5 "Die mense bedaar,..." (Reël 5)

Verkeersman Harms was verlig/bly toe die mense bedaar het.

Beskryf in jou eie woorde hoe die motoriste en voetgangers hulself gedra het tydens die verskyning van die vlek wat verkeerskonstabel Harms se werk moeilik gemaak het. (1)

8.2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi.

Nadat die vlek tydelik verdwyn het, het natuurrampe in Suid-Afrika voorgekom.

Die natuurramp wat nie in Suid-Afrika voorgekom het nie, was ...

A 'n ligte aardskudding.
B droogte.
C sterk winde.
D vloede. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.7 "Hy voel-voel aan sy pistoolsak, geen verkeersman kan dit meer op straat waag sonder 'n vuurwapen nie, ..." (Reël 18–20)

(a) Vergelyk hoe verkeerskonstabel Harmse en Henry teenoor die vlek gevoel het. Verwys na albei in jou antwoord. (2)

(b) Stem jy saam dat verkeersmanne nie meer sonder vuurwapens kon wees nie? (1)

8.2.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin te voltooi.

(a) Die toon in die bostaande uittreksels is (waarskuwend/oorredend). (1)

(b) Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 8.2.8 (a). (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **HANSWORS – S.J. Pretorius**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**HANSWORS – S.J. Pretorius**

Oor sy afsigtelike boggel,
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in ’n hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
“Met klere wat gedurig gaar is,
wat doen die vent met sy salaris?”

Hy’t maandeliks by die poskantoor
’n brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
“Sou daar tog êrens iemand wees?”

En daardie ewige reuk van drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het ’n brief gekom eendag ...
Hy’t oor die bed gebuk, verblind,
terwyl die boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: “Dankie my kind ...”

[Uit: *Album 60*, Human & Rousseau, 1960]

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.1.1 Na wie verwys die "hom" in reël 2? (1)

9.1.2 (a) Noem TWEE fisiese gebreke wat, volgens die spreker, die rede is dat mense die hanswors gekoggel het. (2)

(b) Is dit aanvaarbaar dat die mense hom oor sy voorkoms koggel? Motiveer jou antwoord. (1)

9.1.3 (a) Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Die woord "venyn" (reël 3) impliseer dat die mense (mooi/lelike) kommentaar lewer. (1)

(b) Dink jy dat die mense se woorde 'n negatiewe effek op hom gehad het? Motiveer jou antwoord. (1)

9.1.4 Die hanswors spandeer baie tyd met die diere.

Noem TWEE moontlike redes waarom jy dink hy die diere se geselskap verkies het. (2)

9.1.5 Lees weer strofe 3. (Reëls 11–12)

(a) Wat is die funksie van die herhaling van die woord "oor" in reël 11? (1)

(b) Wat kan jy aflei uit die retoriese vraag in reël 12? (1)

9.1.6 Wat bedoel die spreker wanneer hy sê: "nie een sou huil as hy bedank," (Reël 14) (1)

9.1.7 Lees weer strofe 4. (Reëls 16–17)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) en die vraagnommer (9.1.7) neer.

Die spreker gebruik die woord "aapagtig" om te beklemtoon hoe ... die hanswors teen die takelwerk kon klim.

A vinnig
B lomp
C moeilik
D stadig (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.1.8 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (9.1.8. (a) tot 9.1.8 (d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "en kromheid, **<u>h</u>**et **<u>h</u>**ul **<u>h</u>**om gekoggel," (Reël 2) | A Retoriese vraag |
| (b) "die dood uittart, en, klein kabouter," (Reël 18) | B Wending |
| (c) "wat doen die vent met sy salaris?" (Reël 8) | C Personifikasie |
| (d) "**<u>Toe</u>** het 'n brief gekom eendag ..." (Reël 23) | D Alliterasie |
| | E Metafoor |

(4 x 1) (4)

9.1.9 Lees weer strofe 5.

Het jy simpatie met die hansworş? Motiveer jou antwoord. (1)

9.1.10 Waarom is die woord "verblind" (Reël 24) so gepas om die hansworș se hartseer te beskryf? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## 9.2 "HAAR UITVAART" – P.J. PHILANDER

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**HAAR UITVAART – P.J. Philander**

Al oor my dak het hul gemaal ...
dié voëltjies het vir haar kom haal.

Half-toegevoue vuisies klein
het ylings na die doodsgordyn

gegryp en dan weer moeg verslap ...
die sweet het langs haar slapies afgetap.

Haar ogies sien ek duidelik nog,
hul het vir my gesmeek om tog

te help ... die pyn te stil,
maar ek was magteloos teen Sy wil,

en halfweg na die hospitaal
het, asemloos, die dood ons ingehaal.

9.2.1 (a) Watter soort spreker is hier aan die woord? (1)

(b) Wie is die spreker? (1)

9.2.2 Reël 2 is ŉ voorbeeld van ŉ eufemisme/versagting.

Wat bedoel die spreker wanneer hy sê "die voëltjies het vir haar kom haal"? (1)

9.2.3 Hoe sal jy die atmosfeer in hierdie gedig beskryf? (1)

9.2.4 (a) Skryf die metafoor in strofe 2 neer. (1)

(b) Verduidelik wat die digter met hierdie metafoor wou illustreer. (1)

9.2.5 Wat, in strofe 3, dui vir ons aan dat die dogtertjie ŉ baie hoë koors het? (1)

9.2.6 Watter deel van die dogtertjie se gesigsuitdrukking kan die spreker steeds onthou? (1)

9.2.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) en vraagnommer (9.2.7) neer.

Die digter gebruik ... om die dogtertjie se pyn en swakheid te beklemtoon.

A kommas
B aksenttekens
C ellips
D enjambement (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.8 Sou jy sê dat die dogtertjie gely het? Ja of Nee.
Motiveer jou antwoord. (1)

9.2.9 (a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die spreker gebruik verkleinwoorde om te beklemtoon hoe (klein/siek) die dogtertjie was. (1)

(b) Waarom dink jy het die dogtertjie haar handjies in vuisies gemaak? (1)

9.2.10 Lees strofe 5.

Haal EEN woord uit strofe 5 aan wat aandui dat die spreker niks kon doen om die dogtertjie te help nie. (1)

9.2.11 Wat is die tema van die gedig? (1)

9.2.12 Wat beteken die woord "asemloos" binne die konteks van reël 12? (1)

9.2.13 Beskryf in jou eie woorde die betekenis van die titel "Haar uitvaart". (1)

9.2.14 Watter raad sal jy vir iemand gee om die dood van 'n geliefde te verwerk? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 33 bladsye.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**NASIENRIGLYNE**

1. ʼn Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde afdeling beantwoord nie.

2. As ʼn kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ʼn streep word deur die tweede vraag getrek.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ʼn motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.

6. Indien die kandidaat woorde uit ʼn **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ʼn volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

12. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

13. As ʼn spelfout die betekenis van ʼn antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

1.1 1.1.1 uiterlike (1)

1.1.2 weggejaag (1)

1.1.3 MacDonald (1)

1.1.4 goud (1)

1.2 bome/olifante (1)

1.3 Hulle sou hulle liksens/permit verloor om bome te kap. (1)

1.4 galkoppies (1)

1.5 1.5.1 bevraagteken (1)

1.5.2 **Voor sy verjaarsdag:**
Die bosmense het geglo dat die bloubokkie se gal in hulle koppe sit. (1)

**Op sy verjaarsdag:**
Hy het die bloubokkie se kop oopgekap en ontdek dat sy gal nie in sy kop sit nie. (1)

1.6 Sy het altyd vir vleis/vleiskossie gesorg. (1)

1.7 1.7.1
- Sy ma se dood
- Iets sleg/onheilspellende/tragies gaan gebeur
- Dit was vroeg oggend

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.7.2 Eufemisme/versagting (1)

1.7.3 Sy ma het gesterf/doodgegaan. (1)

1.8 Masels/kinkhoes/waterpokke/griep (1)

1.9 Jy moet jou baadjie/hemp uittrek en dit neergooi en in die naaste boom klim. (1)

1.10 Bosmense is gewoonlik arm/vuil/sleg versorgd/skoenloos, **maar** Saul is nou ryk/het geld/goud/sy eie besigheid gehad.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.11 Ja.

- Die Bosmense was besig om die bos/bome/olifante/grootvoete te vernietig en hy was gekant daarteen.
- Die Bosmense het nie besef dat die houtkopers hulle vir die res van hulle lewe in skuld sal hou nie.
- Die Bosmense het nie besef/wou nie aanvaar dat hulle uitgebuit word deur die houtkopers nie.

*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee.

- Sy gesin was arm en het sy hulp nodig gehad om geld in te bring.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.12

- Die houtkopers verwag eersteklas hout en betaal die houtkappers asof dit derdeklas/swak/lae gehalte hout is.
- Die houtkappers kry nie geld vir hulle hout nie, hulle kry slegs goodfors/winkelskuld vir hulle basiese behoeftes.
- Die houtkopers laat die houtkappers die bos stelselmatig uitkap, want hulle wil die beste hout lewer.
- Die houtkopers soek ook olifanttande en nou skiet die Bosmense die olifante/roei olifante uit vir hulle tande.
- Saul werk by MacDonald, maar ontvang nie ŉ salaris nie, want hy werk vir sy pa se skuld.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (2)

1.13

- Hy wou vir Saul die verwoesting/vernietiging, (wat die delwers aan die Bos/Meelbos aangerig het), wys.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.14 1.14.1

- Hy was verlief op haar.
- Sy het hom leer Engels lees.
- Sy was ŉ vriend vir hom toe hy eensaam in die skuur was.
- Sy het net soos Saul ŉ liefde vir die bos gehad.
- Sy wou net soos Saul die bos beskerm.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.14.2

- Hulle was verlief op mekaar maar omdat hulle verskillende agtergronde gehad het, het hulle paaie geskei.
- Hulle paaie skei toe Saul gaan delf en Kate Kaapstad toe gaan.
- Kate se ouers was gekant teen hulle verhouding.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.15

- Hy was lief vir Oupoot en Kate.
- Kate het dit vir hom geteken/gemaak.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.16 Ja.
- Hy het bewys dat die houtkappers en hul kinders nie wild en vuil is nie.
- Hy het vrede gemaak met die dood van Oupoot.
- Hy het vrede gemaak met sy broer Jozef.
- Hy en Kate het mekaar gevind.
- Saul is terug in sy geliefde bos.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

1.17
- Saul sien Oupoot vir die eerste keer.
- Saul sien die dorp vir die eerste keer.
- Saul sien Kate vir die eerste keer.
- Saul sien die see vir die eerste keer.

*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* (4)

1.18 opstandeling (1)

1.19 C/vryheid van die skewe sirkel. (1)

1.20 MacDonald het hom belowe hy sou vir hom ...
- slaapplek gee.
- kos gee
- twee sjielings per week betaal.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –* Marita van der Vyver**

2.1 2.1.1 gesin / lewe (1)

2.1.2 gay/'n moffie/homoseksueel (1)

2.1.3 verjaarsdae (1)

2.1.4 maskara/grimering (1)

2.2 2.2.1 Botterberg (nie berg nie) (1)

2.2.2
- Daar was geen elektrisiteit/ krag/ televisie/ ligte nie.
- Hulle moes hulleself vermaak sodat hulle nie verveeld moes raak nie.
- Dit het aanhoudend gereën/was modderig.
- Dit was afgelate/afgeleë/verlate

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.3
- Sy was Hanna se alter-ego.
- Sy het Hanna help ontvlug van haar eie saai lewe.
- Sy het Hanna help ontvlug van haar buitengewone/ingewikkelde gesinslede/familielede.
- Sy kon Hanna help om 'n nuwe/aanvaarbare lewe op te maak.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.4
- Hy het net deeltydse werk gehad.
- Hy het verskillende werke gedoen.
- Hy was 'n radio-omroeper/televisie aanbieder/voorleser by kunstefeeste/seremoniemeester by sakekonferensies.
- Hy was te middeljarig om nog 'n akteur te wees.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.5
- Hulle rol nie juis in geld nie.
- Hulle kon nie 'n groot en mooi huis koop nie.
- Hulle kon slegs 'n groot, maar lelike/vervalle huis koop.
- Hulle kon nie bekostig om 'n vakansiehuis te huur nie.
- Haar ma (Mana) sê dis geld mors om tanddraadjies te dra./Hulle kon nie na haar behoeftes omsien nie.
- Hulle eet gereeld sop.
- Beyers doen werk (sakekonferensies) wat hy haat sodat hy 'n paar rand kan verdien.
- Hulle trek in 'n vyfkamer huis alhoewel hulle 'n ses kamer huis benodig.
- Hulle het 'n ou geroeste kombi/ het nie 'n spinternuwe 4 X 4 soos haar vriendin nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.6 2.6.1 C/Martelkamer (1)

2.6.2 Hulle het ...

- gereeld probeer om mekaar te verwurg.
- mekaar se ore probeer af byt.
- mekaar se ledemate verpletter.
- gereeld baklei/gestoei.
- rof met mekaar gespeel.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.7 Nee

- Hy is ŉ seun en sy is ŉ meisie.
- Hulle kom nie goed oor die weg nie.
- Sy dink hy is nie “nice”/aangenaam nie.
- Tienerhormone kan daartoe lei dat Yann in haar bed spring.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.8 2.8.1 Herhaling (1)

2.8.2 Sy beklemtoon die feit dat sy /Sy probeer vir die leser sê dat sy ...

- nie die boendoe lewenstyl geniet nie.
- van haar gemak/geriewe hou.
- nie sonder haar geriewe kan klaarkom nie.
- nie van verlate plekke hou nie.
- ŉ stadskind is.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.9

- Dit sou hulle kans gee om mekaar beter te leer ken/tyd saam te spandeer as gesin.
- Om Hanna se verjaarsdag te vier.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.10 2.10.1

- Dit verwys/simboliseer die dinge wat Hanna pla.
- Dit simboliseer haar ingewikkelde lewe.
- Dit simboliseer die dinge wat haar ongelukkig maak.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.10.2

- Dit beklemtoon Hanna se ontevredenheid/ongeluk met haar gesin wat nie ophou om haar te pla nie.
- Haar gesin se andersheid pla haar aanhoudend.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.11 2.11.1 opgewonde (1)

2.11.2

- Hy het sy ma lanklaas gesien.
- Yann en Amos het hulle ma drie jaar gelede in Amerika gaan kuier/drie jaar gelede gesien.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.12 2.12.1 konnotatief (1)

2.12.2
- Amos het skaam geword/verleë toe Yann hom oor hulle/sy ma terg.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

2.13
- Sy weier om deur Margot betower te word.
- Sy is vies dat almal deur Margot beïndruk word.
- Sy is kwaad omdat almal aan Margot se lippe hang/van Margot hou.
- Sy dink Margot is "vol airs"/aansitterig.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.14 Ja,
- Margot het haar kinders op 'n jong ouderdom agtergelos en Amerika toe gegaan.
- Sy dink Margot is goedkoop omdat sy haar jonk wil hou./(grimering, stywe broeke, lang naels en haar blonde hare.)
- Sy voel dat alles aan Margot vals is.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*

**OF**

Nee,
- Haar stiefpa het haar beïnvloed deur Margot as onhulpvaardig/ koningin te beskryf.
- Sy oordeel Margot sonder dat sy haar ken/oor hoe sy lyk.
- Hanna is seksisties teenoor Margot omdat sy haar kinders agter gelos het.
- Margot het die reg om haar eie besluite oor haar lewe te neem/aan haar toekoms te dink.
- Hanna se opinie oor Margot is deur haar ma beïnvloed.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.15
- Sy is Beyers se eksvrou.
- Sy het haar vir die eerste keer ontmoet.
- Beyers het Margot beskryf as iemand wat dink sy is 'n koningin/iemand wat die huis as ongemaklik/ongerieflik sal beskou.
- Die huis was nie volgens Margot se "standaarde" nie en nou voel sy skaam.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.16 2.16.1 C / Hierdie persoon het 'n klam waslap gaan haal.

2.16.2 A / Hierdie persoon het rustige musiek aangesit.

2.16.3 B / Hierdie persoon het nog 'n kastrol vol water getap.

2.16.4 E / Hierdie persoon het seker gemaak die beligting is reg. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.17
- Mana besluit om met 'n gay man te trou om haar gesin tevrede te stel.
- Mana besluit om 'n proefbuis baba te hê omdat sy nie 'n man wou hê nie.
- Mana besluit om met 'n man te trou wat twee kinders het.
- Mana besluit om haar baba Ditjie te noem omdat dit nie seksisties is nie

*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke besluit wat op die regte plek is.)* (4)

2.18 2.18.1 Yann (1)

2.18.2 **Vroeër:**
- Yann het gelag/geproes in sy preiesop/sop toe hy hoor dat Hanna haar lewensverhaal wil skryf.
- Hy wou weet wie 'n veertienjarige skrywer se storie wou lees.

**Later:**
- Hy het vir haar 'n pen (met 'n tiervel op die doppie vir haar as geskenk/verjaarsdag geskenk) gegee om haar lewensverhaal te skryf.

*(Antwoord moet na VROEËR en LATER verwys om die punt te verdien.)* (1)

2.19
- Sy aanvaar haarself.
- Sy aanvaar haar gesin.
- Sy besef dat haar gesin nie so ingewikkeld is nie.
- Sy besluit om haar eie lewensverhaal te skryf.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)
**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

3.1 D/ Guano-eiland (1)

3.2
- Sy doen navorsing op Meeuland vir 'n boek oor kusvoëls.
- Sy help die hoofman met sy ondersoek oor kusvoëls.
- Sy is daar om te herstel na die tragedie in haar gesin./Sy is daar om te herstel na haar seun (Ronnie) en man (Vincent) se dood. (1)

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*

3.3 Jacob/Jacob Langhans (1)

3.4 3.4.1 E / Duiker

3.4.2 C / Twilight

3.4.3 D / Stompneus

3.4.4 A / Geelbek (4)

3.5 D / Dit beklemtoon dat Ryna vir Ronnie mis. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.6
- Haar man (Vincent) en seun (Ronnie) is dood.
- Sy het haar man en kind aan die dood afgestaan.
- Haar huis (en besittings) het afgebrand.
- Sy het haar gesin verloor.
- Daar word beweer dat haar man hul seun doodgeskiet het.
- Daar word vermoed dat haar man met dwelms deurmekaar was.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.7
- Sy het na Salamanderbaai gegaan.
- Sy het na die kusdorpie/dorp gegaan.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.8 3.8.1 Elsabet (1)

3.8.2 Elsabet maak Kinnie se baba groot sonder om te besef dat haar eie baba dood is.
*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.9
- Elsabet pas moeilik aan op die eiland.
- Dit is vir haar baie moeilik sonder die nodige geriewe.
- Jacob gee nie genoeg aandag aan haar nie.
- Elsabet sien Meeuland as 'n "tronkeiland", sy voel soos 'n gevangene. (Sy voel vasgekeer)
- Elsabet vind die stankreuk van die guano/voëlmis onaangenaam.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

3.10
- Fred het met Elsabet getrou/het Elsabet sy tweede vrou gemaak.
- Elsabet het saam met hom in sy groot huis gebly.
- Elsabet kon saam met hom op Salamanderbaai bly.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.11
- Fred was ontrou aan Elsabet/Hy het 'n verhouding met 'n ander vrou aangeknoop.
- Fred se twee kinders (Bernard en Tamara) aanvaar nie vir Elsabet nie en behandel haar stief.
- Elsabet sien baie min van Fred omdat hy altyd by die werk of by sy minnares is.
- Elsabet besef dat Fred en sy geld nie vir haar geluk kan bring nie.
- Elsabet word 'n alkoholis en verloor Fred se respek.
- Elsabet besef dat Jacob 'n beter man as Fred is.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.12 Nee.
- Elsabet het haar eie ongelukkigheid veroorsaak deur 'n buite-egtelike verhouding met Fred aan te knoop.
- Elsabet het self gekies om haar man en kind op Meeuland agtertelaat.
- Elsabet was 'n baie selfsugtige mens en sy het nie gedink hoe haar dade vir Jacob en Janka sou affekteer nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*

**OF**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Ja.

- Dit is baie duidelik dat Elsabet aan depressie gely het.
- Jacob het nie genoeg aandag aan haar gegee nie (die eiland en voëls was sy prioriteit).
- Fred was ontrou aan Elsabet en hy het ŉ minares gehad.
- Dit was baie moeilik om ŉ goeie stiefma vir Fred se kinders te wees.
- Spyt het te laat vir Elsabet gekom en sy het te laat besef dat Jacob eintlik ŉ beter man vir haar was as Fred.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.13 3.13.1 Matthys (Langhans)

3.13.2 tronk

3.13.3 kreef smokkel/kreefsmokkelary

3.13.4 Skalla (Schalk Blanckenberg) (4)

3.14 3.14.1 Skalla/Schalk Blanckenberg. (1)

3.14.2
- Skalla het Jacob se meisie verkrag en toe het sy in ŉ gestig/inrigting/Stikland beland.
- Jacob se pa word tronk toe gestuur vir Skalla se skelmstreke.
- Skalla het Janka raakgeskiet en sy is amper dood.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

3.15
- Skalla het vir Magrietjie du Plessis verkrag en sy het in Stikland beland.
- Skalla was betrokke by Ryna se man en kind se dood.
- Skalla is in ŉ boot en skiet sy rewolwer in die rigting van die jettie.
- Skalla wil vir Ryna doodmaak omdat sy hom herken het.

*(Kandidaat verdien ŉ punt vir elke misdaad wat op die regte plek is.)* (4)

3.16 B/Janka huis toe gaan kom. (1)

3.17
- Jacob word ingelig dat Meeuland as guano-eiland gesluit gaan word./Jacob mag nie meer op Meeuland woon nie.
- Jacob word in hegtenis geneem en van moord aangekla.
- Jacob word skuldig bevind aan strafbare manslag.
- Jacob kry sewe jaar tronkstraf.
- Jacob word van Ryna en Janka geskei wanneer hy tronk toe gaan.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.18 Ja.

- Hansie het vir Matthys vergewe vir die kreefsmokkelary.
- Hansie het nie 'n wrok teen Skalla gehou nadat Matthys gearresteer is nie.
- Hansie het vir Elsabet vergewe toe sy van Jacob geskei het./Sy het steeds vir Elsabet soos 'n skoondogter behandel na die egskeiding.
- Hansie het nie 'n wrok teen Skalla gehou nadat hy vir Janka geskiet het nie.
- Hansie het nie 'n wrok teen Skalla gehou nadat hy Jacob se meisie verkrag het nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.19 Ja,
Fred het die reg gehad om te weet dat Janka sy kind is.
*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*

**OF**

Nee,
Sy het teenoor Jacob en Jannerik gesweer om Janka se geboorte 'n geheim te hou.
*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.20
- Dit beklemtoon Hansie se liefde/deernis vir Jacob.
- Dit beklemtoon hoe lief sy vir Jacob het.
- Dit beklemtoon hoe jammer sy vir Jacob voel.
- Dit beklemtoon dat sy 'n toegewyde moeder is.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.21 Ja,
- Jacob verklaar sy liefde aan haar.
- Sy het nou vir Janka nadat sy haar seun verloor het.
- Sy kon nou aan beweeg met haar lewe.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*

**OF**

Nee,
Sy moes wag tot Jacob uit die tronk kom om saam met hom te wees.
*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

4.1 4.1.1 Millennium Creations (1)

4.1.2
- Lien moet die telefoon antwoord.
- Sy moet die afspraakboek op datum hou.
- Sy moet elke halfuur die vloer vee.
- Sy moet iets te drinke vir die kliënte bring.
- Sy moet na die kombuis omsien.
- Sy moet die tydskrifte netjies stapel.
- Sy moet die toonbank en die trollie afvee.
- Sy moet die botteltjies op die trollie rangskik.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

4.2 4.2.1 kelnerin (1)

4.2.2 Dirkie (1)

4.2.3 kraamverlof (1)

4.2.4
- R15 per uur/vyftien rand per uur
- R45 per middag/ vyf en veertig rand per middag

*(Enige EEN)* (1)

4.3
- Wouter het vir Lien aangemoedig om vir die oudisie te gaan.
- Wouter wou graag hê Lien moes aan die toneelstuk deelneem.
- Lien gaan na die oudisie om Wouter se onthalwe.
- Juffrou Breytenbach sê vir Lien om vir een van die rolle te kom lees.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.4
- Dit gee Lien 'n kans om betrokke te raak by die skool.
- Lien sal dalk ander vriende kan maak by die repetisies.
- Dit sal Lien help om uit haar dop te kruip.
- Dit sal Lien 'n rede gee om tussen ander mense te wees.
- Wouter wil hê dat Lien moet uitblink in iets.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.5 C/gespanne (1)

4.6 4.6.1 het vrede gemaak met (1)

4.6.2
- Hulle is opgewonde om hul pa vir die skoolvakansie te sien.
- Hulle is nie meer kwaad vir hul pa nie.
- Hulle hou nogal van hul nuwe stiefma.
- Hulle kan sien dat hul stiefma mal is oor hul pa.
- Hulle besef dat hul ouers net baklei het en dat hul pa nou veel gelukkiger is.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.7 4.7.1
- gebroke of stukkend
- disfunksioneel
- ongelukkig
- ingewikkeld of gekompliseerd
- arm

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.7.2
- Hul pa het bedrog gepleeg/geld verduister.
- Hul pa is in die tronk/agter tralies/in gevangenis.
- Hul gesin het alles/ hul geld/hul weelde verloor.
- Hulle het hul ou huis verloor en bly nou in 'n woonstel.
- Hulle moes hul ou woonbuurt en skool verlaat.
- Hul ma is 'n alkoholis/ drink te veel.
- Hul ma is baie onbetrokke in hul lewens.
- Hul ma verwaarloos hulle/sorg nie vir hulle nie.
- Lien speel nou die rol van 'n ouer.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

4.8 Ja. Baie tieners se ouers is geskei/is nie meer getroud nie.

**OF**

Nee. Nie alle tieners kom uit geskeide gesinne nie.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

4.9
- Lien voel skaam/verleë om aan mense te verduidelik wat haar pa gedoen het en waar hy is.
- Dit laat Lien ongemaklik voel om haar pa se bedrog te noem.
- Lien weet dat Wouter haar vertroueling /"brother in arms" is en haar nie sal veroordeel nie.
- Op hierdie stadium het Lien nie vriende nie/Wouter was haar enigste vriend.
- Wouter het vir Lien ook van sy ouers vertel.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.10
- Dit is tipies van tienertaal om Afrikaans en Engels te meng.
- Dit maak die karakters soos Wouter meer geloofwaardig, want dit is hoe tieners praat.
- Dit laat Wouter soos 'n hedendaagse tiener klink.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.11 Die kliniek/rehabilitasiekliniek/inrigting (1)

4.12 4.12.1 Tannie Bets (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.12.2 Ja.

- Lien moet al haar moed bymekaar skraap om uit Tannie Bets se kar te klim.
- Lien vra vir Tannie Bets of sy nie saam met haar sal kom nie.
- Lien voel ongemaklik in die ontvangsarea.
- Lien voel ongemaklik wanneer haar ma haar vasdruk.
- Daar is ŉ ongemaklike stilte tussen Lien en haar ma aan die begin van die besoek.
- Lien antwoord nie vir haar ma wanneer sy vra hoe dit met Lien gaan nie.
- Lien het baie dinge in haar kop wat sy vir haar ma wil sê, maar haar mond raak te droog om dit te sê.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

4.13 4.13.1 E / Lien maak self Braam se skoolbroek reg.

4.13.2 A / Lien gaan skuil in die skool se biblioteek en raak jaloers.

4.13.3 D / Lien hang haar voorskoot op en bedank.

4.13.4 B / Lien storm klavier toe en speel die "Blou Donau" kliphard. (4)

4.14

- Tannie Bets dra gereeld vir hulle kos aan.
- Tannie Bets stuur vir Kuifie na Lien-hulle toe om die kerk se hulp aan te bied.
- Tannie Bets sorg vir die kinders.
- Sy het vir Christien in die kliniek besoek/verneem hoe dit met haar gaan.
- Sy neem vir Lien om haar ma in die kliniek te kuier.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

4.15 Ek stem saam, want ...

- Christien se man het bedrog gepleeg/in die tronk beland.
- Christien het haar huis en besittings verloor.
- Christien het haar werk by Binnelandse Sake verloor.
- dit is baie moeilik om van ŉ verslawing te rehabiliteer.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*

**OF**

Ek stem nie saam nie, want ...

- alkoholisme is nooit die antwoord vir jou probleme nie.
- sy is self verantwoordelik daarvoor dat sy haar werk verloor het.
- sy het haar kinders verwaarloos/nie vir hulle gesorg nie.
- sy het nie haar kinders ondersteun tydens die swaar tye nie.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.16
- Die kliniekpersoneel het in al haar goed gekrap.
- Die kliniekpersoneel het selfs deur haar onderklere gekrap.
- Die kliniekpersoneel het gedink dat sy skelm drank ingesmokkel het.
- Die kliniekpersoneel het haar geen genade gewys nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

4.17 B/vir haar ŉ CD van Chopin se klavierkonserte te gee. (1)

4.18
- Christien het haar dogter gemis.
- Christien wil aan Lien verduidelik hoekom sy ŉ alkoholis geword het.
- Christien wil aan Lien verduidelik wat sy alles by die rehabilitasiesentrum moet doen.
- Christien wil die kans hê om haarself aan Lien te verduidelik.
- Dit gee Christien ŉ kans om vir Lien redes te gee om haar te vergewe vir haar gedrag.
- Christien kan by Lien hoor hoe dit met Braam gaan.
- Christien kan sien dat Lien/haar kinders nog omgee.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

4.19
- Lien het drama by Tukkies of UP gaan studeer.
- Lien en Hein is in ŉ (romantiese) verhouding.
- Lien se pa is uit die tronk gelaat.
- Lien se gesin is weer voltallig/saam.
- Lien se ouers het getroud gebly.
- Lien se ma het ophou drink/nugter geraak.
- Lien se ma is uit die rehabilitasiekliniek ontslaan.
- Lien se ma is nie meer "geel en gelukkig" nie, maar nou dra sy liewerste ŉ geel blom in haar hare.
- Braam is gelukkig in hierdie gesinsvideo.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 5.1.1 Upington (1)

5.1.2 bek (1)

5.1.3 Lobola/geld (1)

5.1.4 pa (1)

5.2
- Sy moes sukkel om ʼn werkpermit te kry.
- Sy het met ʼn Xhosa getrou en daarom gesukkel om ʼn werkpermit te kry.
- Sy moes onder moeilike omstandighede werk.
- Sy was deur die polisie gevang omdat sy nie die regte dokumente gehad het om te werk nie.
- Sy moes alleen met haar kinders Mdantsane toe trek en vir hulle sorg.
- Na haar man se sterfte moes sy terug Kaapstad toe trek om te gaan werk.
- Sy moes haar kinders agter laat/ in die Ciskei agter laat sodat sy vir hulle kon sorg.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

5.3
- Hulle moes hulle kinders agterlaat om te gaan werk.
- Hulle het vir witmense gewerk.
- Hulle het as huishulp gewerk.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

5.4 lorriedrywer (1)

5.5 Xhosa (1)

5.6
- Hy was ʼn netjiese man.
- Hy het mooi aangetrek.
- Hy was ʼn stil man/nie woelig nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

5.7
- Sy het gesukkel om ʼn werkpermit/pas te kry.
- Sy moes Stone/haar siek man agterlaat en in Mdantsane/naby Oos-Londen/East London gaan woon met haar kinders.
- Sy kon nie ʼn permanente werkpermit (pas) kry nie/Sy kon slegs ‘extensions’ (uitstellings op haar werkpermit (pas) kry.
- Sy kon nie Stone se begrafnis bywoon nie.
- Sy moes haar kinders in die Ciskei /Transkei agterlaat om in die Kaap vir hulle te gaan werk.
- Sy moes haar kinders/man afskeep omdat sy inslaapwerk gedoen het.
- Poppie het gesukkel om ʼn pas in die Kaap te kry omdat Stone ʼn kontrakwerker/van Ciskei was.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.)* (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.8 Stone het ŉ jaar geneem om die lobola af te betaal. (1)

5.9
- Klere
- Ketels
- Kombuisgoed
- Komberse
- Lakens
- Beddegoed

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.*) (2)

5.10 ŉ bed (1)

5.11 makoti-klere (1)

5.12 Dit dui handeling aan./Sê wat die mense doen/ is ŉ neweteks. (1)

5.13 5.13.1 innerlike (1)

5.13.2 Ja,
- Sy was tussen vreemde mense/haar skoonmense was vreemdeling vir haar.
- Sy was nog nie gewoond aan haar skoonmense nie.
- Sy was ŉ jong, onervare bruid.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.*)

**OF**

Nee.
- Sy was met Stone/Stone se familie wie haar liefgehad het.
- Haar skoonmense het haar as bruid aanvaar.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.*) (2)

5.14
- Haar baba het (op vyf maande aan kinkhoes) gesterf.
- Sy het haar eerste baba verloor.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.*) (1)

5.15 5.15.1 D / Poppie moes ophou skoolgaan om na hierdie persoon se kinders om te sien. (1)

5.15.2 E / Hierdie persoon het Poppie help werk kry. (1)

5.15.3 A / Hierdie persoon het Poppie oor die Xhosa-geloof geleer. (1)

5.15.4 B / Die werk by hierdie persoon was ongemaklik. (1)

5.16
- Stone skryf liefdesbriefies aan Poppie.
- Stone wou nie meer alleen in Lambertsbaai bly nie en neem ŉ trein Kaap toe.
- Stone gaan werk in die 'dairies' in Philippi sodat hy ŉ permit kan kry.
- Stone raak siek en moet hospitaal toe gaan.

*(Kandidaat verdien ŉ punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.17 Nee,

- Die medisyne ('ukugapa') het hom siek gemaak/sy dood veroorsaak/maagbloeding veroorsaak.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

5.18 5.18.1 Feit (1)

5.18.2
- Sy moes vir twee jaar sonder haar kinders gaan omdat sy vir hulle gaan werk het/om hulle geldelik te ondersteun/te verseker dat hulle skoolgaan.
- Sy het swaargekry omdat sy 'n beter lewe vir hulle wou hê.
- Sy help om vir Bonsile se baba te sorg.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

5.19 Ja.

- Mevrou Swanepoel het slegs vir Poppie met haar pas gehelp omdat sy nie vir Poppie as werker wou verloor nie/omdat Poppie 'n goeie werker was.
- Sy het slegs aan haar eie gemak gedink toe sy vir Poppie met haar pas gehelp het.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

5.20 Ja.

- Kinders het in opstand gekom teen apartheid/paswette/Afrikaans op skole.
- Kinders het tydens opstande gesterf.
- Hector Peterson/ "die een kind" het tydens die opstande gesterf.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *PALJAS – Chris Barnard***

6.1 6.1.1 Toorwater (1)

6.1.2 gevange gehou word / in 'n tronk gehou word / vasgevang (1)

6.1.3 Sirkustrein/trein (1)

6.1.4 nar/hanswors/paljas (1)

6.2
- Hendrik se stasie is besig om deur sy vingers te glip.
- Hy het geen beheer oor die sirkustrein en sirkusmense nie.
- Die stasie is te klein om suksesvol te wees.
- Die stasie word baie selde deur mense gebruik./Treine stop nie sommer daar nie.
- Hendrik sit dikwels in sy kantoor met baie min om te doen.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.)* (2)

6.3
- Hulle slaap nie in dieselfde/een bed nie.
- Hulle slaap in hul eie/aparte beddens.
- Katrien sal liewer 'n bed met Willem deel as om 'n bed met Hendrik te deel.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

6.4 6.4.1 platespeler (1)

6.4.2
- Die romantiese verlede.
- Die goeie/gelukkige tye.
- Die dae toe hy en Katrien nog verlief en gelukkig was.
- Die begindae van Hendrik en Katrien se verliefdheid/verhouding.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

6.5
- Tino Rossi (se plaat van "Somewhere in France with you.")
- "Somewhere in France with you" (van die sanger Tino Rossi.)

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

6.6
- Hendrik is nie meer romanties nie.
- Hendrik laat haar nie spesiaal voel nie.
- Daar is te veel emosionele konflik tussen hulle wanneer hulle wel probeer praat/Hendrik raas/ Hendrik is kwaai.
- Die kommunikasie in hul huwelik het verswak/tot 'n einde gekom.
- Katrien voel asof Hendrik haar emosioneel verwaarloos/ nie verstaan nie.
- Hendrik beheer sy huwelik en huishouding op 'n patriargale manier.
- Beide van hulle slaap in aparte enkelbeddens.
- Katrien voel vasgevang en geïsoleer in haar huwelik met Hendrik.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.7 6.7.1 Frans (die melkboer) (1)

6.7.2
- Frans sê die vrou wat hy wil hê, is reeds aan Hendrik McDonald getroud.
- Frans sê vir Katrien dat hy haar liefhet.
- Frans probeer om vir Katrien te soen.
- Frans troos Katrien nadat sy en Hendrik baklei het.
- Frans sit sy arm om Katrien/hou haar vas/ neem haar in sy arms.
- Frans streel Katrien se hare en druk sy wang teen haar wang.
- Hy vra vir Katrien om in sy bakkie te kom sit toe hy haar getroos het.
- Frans dra geskenke/vrugte aan.
- Hy laat toe dat Katrien hom dorp toe stuur net sodat hy haar kan sien.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde*) (2)

6.7.3
- Melk
- ŉ Mandjie vol rooi appels
- ŉ Mandjie met vrugte
- Broodmeel

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde*) (2)

6.8
- Hendrik en Katrien baklei langs die pad oor haar oorbelle.
- Hendrik sê vir Frans dat mense stories van hom en Katrien aandra.
- Katrien sê vir Frans hy moet ophou om goed vir haar te bring.
- Hendrik dans met Katrien.

*(Kandidaat verdien ŉ punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* (4)

6.9 Nee.
- Dit het die kerkmense kwaad gemaak wat tot die skietery gelei het.
- Dit het Manuel amper sy lewe gekos.
- Dit het daartoe gelei dat Jan Mol hom skiet.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*)

**OF**

Ja.
- Manuel wou wys dat nie ŉ sonde was om mens se gesig te verf nie.
- Almal behoort welkom te wees in ŉ kerk.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

6.10.1 Feit (1)

6.10.2
- Die dominee vra vir een van die ouderlinge om vir Manuel van die kerk te verwyder.
- Broer Bothma vra vir Manuel om die kerk te verlaat.
- Die diakens en ouderlinge “jag” vir Manuel en skiet hom raak.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.11 Ek sou ...
- Manuel verwelkom het/welkom laat voel het.
- vriendelik gewees het.
- Manuel gegroet het/met hom gepraat het.
- na die kerkdiens koffie of tee vir Manuel aangebied het.
- langs hom gaan sit het.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

6.12
- Dit is beter om te lag as om te huil.
- Dit is beter om geluk bo-oor hartseer te kies.
- Jy moet aanhou glimlag.
- As jy hartseer voel, teken jy vir jouself 'n gesig wat nie huil nie.
- Dit is belangrik om ander mense te vergewe – veral mense wat jou 'n onreg aangedoen het.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

6.13 A/duiwelskuns (1)

6.14
- Die dominee sal vir hulle skerm.
- Die dominee sal help om hulle uit die moeilikheid of die tronk te hou.
- Daar sal geen gevolge vir hulle wees as hulle Manuel raakgeskiet of doodgeskiet het nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

6.15 6.15.1 veroordelend (1)

6.15.2
- Hulle veroordeel/skiet/jaag/jag vir Manuel sonder dat hulle enigiets van hom af weet.
- Hulle het met die eerste oogopslag besluit dat Manuel betrokke is met duiwelskuns sonder dat hulle vir hom daaroor uitgevra het.
- Hulle vra vir Manuel om die kerk te verlaat sonder dat hulle weet wat sy geloofsoortuigings is.
- Hulle besluit namens Manuel dat hy nie 'n Christen is nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

6.16
- Hendrik tel hom op en dra hom huis toe.
- Katrien versorg hom/versorg sy skietwond.
- Die McDonalds sorg vir Manuel totdat hy gesond genoeg voel om terug te keer sirkus toe.
- Manuel bly by die McDonalds totdat hy aangesterk het/volkome herstel het.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.17 | 6.17.1 | E / Die plek waar Willem afgeknou en gekoggel word. | (1) |
| | 6.17.2 | A / Die enigste plek waar Hendrik in beheer is. | (1) |
| | 6.17.3 | C / Die plek waar Nollie saam met Hendrik na musiek luister. | (1) |
| | 6.17.4 | B / Die plek waar Manuel vir Willem toertjies leer. | (1) |
| | | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee***

7.1 7.1.1 sensusmanne (1)

7.1.2 wit (1)

7.1.3 3/drie (1)

7.1.4 agterdeur (1)

7.2 te roei (1)

7.3 7.3.1 Rassisme (1)

7.3.2 Sy kon die kind na Petrus (Zondagh)/die vername/belangrike man in hul kontrei toe geneem het.
Sy kon die kind dorp toe gevat het/magistraat toe geneem het/na die owerhede toe geneem het.
*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.4 C/Hy weg was Dugas toe agter skaapdiewe. (1)

7.5 ŉ Driejarige kind sou nie so ver kon loop nie/uit die Bos na hulle plaas kon loop nie.
Die kind wat sy by haar agterdeur gevind het, was skoon en netjies.
Daar was geen pad van die Bos na hulle plaas toe nie.
Die driejarige kind sou nie alleen oor ŉ berg kon loop nie.
(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

7.6 7.6.1 Lukas/Elias en Barta se kind/die 3-jarige kind. (1)

7.6.2 Dit was mistig en die kind het moontlik verdwaal. (1)

7.7 Elias het Benjamin/Lukas hard laat werk/soos ŉ slaaf laat werk.
Elias het Benjamin/Lukas geslaan/ fisies mishandel.
Elias het liefdeloos teenoor hom opgetree.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

7.8 Ja.
Barta het Benjamin as haar kind uitgeken./Die kind is aan sy moeder oorhandig.
Hy het net sy werk gedoen as owerheid/regsgeleerde.

**OF**

Nee.
Hy kon simpatiek teenoor Fiela wees, want sy het vir Benjamin as haar eie kind grootgemaak.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

7.9 Dat sy Benjamin nooit weer sal sien nie. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.10 Sy het Benjamin in die bos/Knysnabos/by Barnard-se-eiland gaan besoek.
Sy het vir hom 'n dasvelkombers geneem.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.*) (1)

7.11 Petrus (Zondagh)/Meneer Zondagh (1)

7.12 Dit wys dat Fiela dink/haar gedagtes word beskryf. (1)

7.13
- Elias beplan om tweedehandse sinkplate te koop om hulle boshuis reg te maak.
- Elias verloor 'n kombers toe die olifante hom wou vertrap.
- Elias forseer Benjamin om hom pa te noem.
- Elias stuur Nina Knysna toe om te gaan werk.

*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* (4)

7.14 Hy was 'n boswagter. (1)

7.15 Patat (1)

7.16 Ja.
- Hulle het hom leer lees en skryf.
- Hy het nie net patat by hulle geëet nie./Hy het beter by hulle geëet.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

7.17 7.17.1 Sy was bang hulle kom in moeilikheid met die magistraat/wet.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

7.17.2 Sy het gesê/uitgewys dat Benjamin/die seun in die blou hemp haar verlore kind is.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

7.18 Nee.
- Hy het probeer weghardloop.
- Elias moes hom forseer om hom pa te noem.
- Elias het gesê hy gaan die bruingeid uit hom slaan.
- Hy was verbied om oor Fiela-hulle te praat.
- Elias het hom mishandel/geslaan/hard laat werk.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde.*) (2)

7.19 7.19.1 Nina/Christina/Elias se dogter(meisiekind)/ Lukas se suster. (1)

7.19.2 Houtkappers/bosmense gebruik sae/ byle/ handbyle wat soms stomp raak/moet skerp wees.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

7.19.3 Die persoon is nie dom nie/die persoon is slim/kan maklik leer. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.20 7.20.1 Na Fiela (Komotie)/Sy bruin ma/Die vrou aan wie die Here hom toevertrou/toebetrou het.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.20.2 Op Wolwekraal/in Lange Kloof (1)

7.21 Dit is ironies, want Elias het sy bes gedoen om vir Lukas 'n "witmens" te hou, maar aan die einde/in die slot het Lukas sy naam verander na Komotie/'n Hottentot (Khoisan) naam/is hy terug Lange Kloof toe na sy kleurling familie.
*(Albei kante moet genoem word om die punte te verdien.)* (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### DIE DROOM

8.1.1 (a) Marrie/ Maria (1)

(b) Hulle het ...
- sjokolade geëet.
- na musiek/plate (oor die grammafoon) geluister.
- op 'n reiskombers onder die bome by die dam in die aand gesit.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

8.1.2 (a) Klanknabootsing (1)

(b) dreigende onheil (1)

8.1.3 (a) Vrystaat (1)

(b) eensaam/eensalig (1)

(c) drie (3) (1)

(d) gesterf (1)

8.1.4 Ja.
- Sy kom goed oor die weg met Oom Jaap se seun (en vrou /skoondogter).
- Sy kyk mooi na haarself en sal ook mooi na hom kyk.
- Hy sal nie meer eensaam voel nie.
- Hy sal 'n maat hê met wie hy kan praat.
- Sy huis gaan nie meer so stil wees nie.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*

**OF**

Nee.
- Hy weet nie of haar dogter van hom gaan hou nie/Hy weet nie of hy goed oor die weg met haar dogter gaan kom nie.
- Sy vrou is nie so lank gelede dood nie.
- Dit is verkeerd om met iemand te trou net omdat jy eensaam voel/geselskap soek.
- Jy moet vir liefde trou en nie net respek nie.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.5
- Maria ervaar eensaamheid op die plaas omdat haar ouers nie graag by ander kuier nie.
- Maria wil weg gaan om te studeer omdat iets haar dryf.
- Maria se ma word siek en haar pa oorreed haar om te bly.
- Maria ontmoet vir Theunis en raak verlief.

*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is.)* (4)

8.1.6 Ek sou haar onmiddellik gewaarsku het/vertel het van ...

- my familie se tragiese verhaal, omdat dit haar en Jaco se lewe kon red.
- om haar van 'n moontlike sterfte/tragedie te red.
- my oom Theunis en Maria (Marrie) wat verongeluk het/gesterf het (toe hulle vriende se kar tydens 'n storm, van 'n brug afgespoel het).

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*

**OF**

Ek sou stilgebly het, want ...

- die jong meisie se droom kon nie waar wees nie.
- die meisie se droom en wat met sy oom gebeur het, kan slegs 'n toeval wees.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

8.1.7 doof (1)

**EN**

**DIE VLEK**

8.2.1 (a)
- verkeerskonstabel Harms/
- konstabel Harms/
- Harms/
- Die verkeersbeampte

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

(b) Hy het daarop/ die vlek geskiet. (1)

(c) Ek sou kwaad wees omdat ...
- ek nou onseker is of ek weer blind sou raak.
- ek bang is dat ek my sig gaan verloor.
- ek nou onseker is of ek vir altyd sal kan sien.
- daar nou geen wonderwerke meer kon plaasvind nie.
- geen siekes sou genees kon word nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.2
- Hy het gevloek/geswets.
- Hy het maklik/gou kwaad geraak.
- Hy was ongeduldig.
- Jaag voetgangers/Henry aan om die pad oor te steek.
- Hy het nie omgegee om te skiet nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

8.2.3 **Negatief:**
- Dit het aan die een kant aggressie verhoog.
- Kwaadheid/woede/boosheid/ontsteldheid/ veroorsaak.
- Mense het negatiewe reaksies gehad soos hoofpyne/duiseligheid.
- Mense wou met mekaar baklei.
- Mense het ongeduldig geraak.
- Mense struikel/val.
- Motoriste het onverskillig bestuur.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

**EN**

**Positief:**
- Wonderwerke/genesing tot gevolg gehad/mense het gesond geraak.
- Blindes kon weer sien.
- Verlamde mense/verlamdes kon weer loop.
- Vigslyers is genees.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

8.2.4 (a) D / Die groot blerts teen die wolkekrabber.

(b) C / Die aand van die kunstefees.

(c) E / Die megatonwinkel oorkant die Brouerygebou.

(d) A / Die Zuma-Zuma hospitaal (4)

8.2.5
- Die mense het gery soos hulle wil.
- Motors bots in mekaar.
- Motoriste gluur mekaar aan./Hulle waai met hulle hande en maak vuiste.
- Mense lyk ontsteld en vererg/boos.
- Mense slaan hulle remme aan.
- Ambulanse jaag teen motors vas.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

8.2.6 C / sterk winde (1)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.7 (a)

- **Verkeerskonstabel Harmse** sien dit as iets negatiefs wat sy werk moeilik maak/verkeer laat ophou vloei./ Harmse is kwaad, want dit veroorsaak chaos/wanorde

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

- **Henry** was bly/opgewonde dat hy weer kon sien. (1)

(b) Ja.

- Motoriste is gevaarlik/aggressief en ry gevaarlik.
- Verkeersmanne se lewens kan in gevaar wees.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

8.2.8 (a) waarskuwend (1)

(b)

- Mense word gewaarsku dat die rampgebied gevaarlik is.
- Mense word aangeraai om alternatiewe roetes na en van hul werk te volg.
- Dit is onveilig, want verkeerskonstabel Harms dra 'n vuurwapen.
- Verkeerskonstabel se vuurwapen waarsku misdadigers om versigtig te wees.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING D: GEDIGTE

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **HANSWORS – S. J. Pretorius**

9.1.1 Die hanswors/nar/harlekyn/grapmaker/man met boggelrug. (1)

9.1.2 (a)
- Sy boggel/boggelrug.
- Sy kromheid/krom ruggraat/vergroeide ruggraat.

(Enige TWEE of *soortgelyk aan bogenoemde*) (2)

(b) Nee.
- Dit is wreed om mense met fisiese gebreke te terg.
- Dit is nie sy skuld dat hy 'n boggelrug het nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

9.1.3 (a) lelike (1)

(b) Ja.
- Hul woorde maak hom hartseer.
- Hul woorde is meer pynlik as sy rugpyn.
- Hy spandeer eerder tyd tussen die diere as met die mense.
- Hy drink om van sy probleme te vergeet.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

9.1.4
- Die diere terg hom nie/lag nie vir hom nie.
- Die diere veroordeel hom nie.
- Die diere aanvaar hom net soos hy is.
- Die diere praat nie terug nie.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde*) (2)

9.1.5 (a) Dit beklemtoon hoe aanhoudend/gereeld hy die briewe gelees het. (1)

(b)
- Die mense wonder of hy 'n geliefde/ familielid het met wie hy kommunikeer.
- Die mense ken nie regtig sy familie of vriende nie.
- Die mense ken nie regtig die hanswors nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

9.1.6
- Die ander sirkusmense sal hom nie mis nie/sal nie na hom verlang nie.
- Hulle hou nie eintlik van hom nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

9.1.7 A / vinnig (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.1.8 (a) D / alliterasie

(b) E / metafoor

(c) A / retoriese vraag

(d) B / wending (4)

9.1.9 Ja. Sy ma/ familielid is oorlede.

**OF**

Nee. Ek het nog nie 'n ouer aan die dood afgestaan nie, so ek weet nie hoe die hanswors voel nie.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

9.1.10
- Die hanswors huil oor sy sterwende ma en die trane "verblind" hom.
- Dit beklemtoon hoe baie hy oor sy ma huil.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

**EN**

9.2 **Haar uitvaart – P.J. Philander**

9.2.1 (a) Ek-spreker/eerstepersoonspreker (1)

(b) Die pa/vader wat sy kind/kleuter/dogtertjie aan die dood afstaan. (1)

9.2.2 Sy dogtertjie het gesterf/is dood/is oorlede. (1)

9.2.3 Somber/onheilspellend/hartseer. (1)

9.2.4 (a) "het ylings na die **<u>doodsgordyn</u>**/ gegryp" (reël 4 en 5) (1)

(b) Die dood wat die dogtertjie kom haal is soos 'n gordyn wat voor haar gewag het/ voor haar getrek word.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

9.2.5
- Sy sweet baie.
- Die sweet loop/tap by haar slape af.
- "die sweet het langs haar slapies afgetap"

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings kan aanvaar word.)* (1)

9.2.6
- Haar (smekende) ogies.
- Die manier hoe haar oë hom gesmeek het om hulp.
- "Haar ogies sien ek duidelik nog."

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*. *Aanhalings kan aanvaar word.*) (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2.7 C / ellips (1)

9.2.8 Ja.
- Sy het vuisies gemaak om haar pyn of ongemak te wys.
- Sy het ŉ koors gehad wat haar laat sweet het.
- Die pa kon die pyn in haar oë sien/haar oë het hom gesmeek om die pyn weg te vat.
- Sy was te siek om iets te sê, maar die pa kon sien dat sy pyn gehad het.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* (1)

9.2.9 (a) klein (1)

(b) Sy het pyn gehad/seergehad/het baie siek gevoel. (1)

9.2.10 "magteloos" (1)

9.2.11 Die dood/afsterwe van ŉ kind/geliefde/gesinslid. (1)

9.2.12
- Die dogtertjie het ophou asemhaal/sy haal nie meer asem nie.
- Sy het haar laaste asem uitgeblaas.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

9.2.13
- Haar dood/afsterwe.
- Die dogtertjie se dood/afsterwe.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

9.2.14
- Jy kan vir berading met ŉ sielkundige of ŉ dominee gaan.
- Praat met ander mense wat ook al ŉ geliefde aan die dood afgestaan het.
- Maak ŉ foto-album van jou geliefde om hom/haar te onthou.
- Gun jouself die tyd om te rou, want die rouproses is deel van jou heling.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**